

# DIE Pad Saam

GRATIS
Uitgawe 54 • April 2019 | Mei 2019

## Uitdagings vir die familieboerdery: Deel 2

**Die effek van droë toestande op dieresiektes**

VKB en verskaffers gee **rekordbedrag** vir veiligheidslessenaar

**Kan skuldvaardighede help om welvaart te skep?**

100 2019 JAAR

van **LIEFDE** vir die **LAND**

# Droogtewenke:

## Rek só jou weiding

Die **Lig** op jou pad
deur pastoor Kallie Kriel



# God
## is en bly altyd goed

Toe Jerusalem in 587 v.C. ingeneem, verwoes, en die mense in ballingskap weggeneem word, was dit 'n vreesaanjaende tyd vir Juda. Alles wat die profeet Jeremia gesê het, het gebeur. Die volk wou nie luister nie en het in ontrouheid aan God voortgelewe. Alles is nou klaar en verby. Die Tempel is verwoes. Wat nou? Hoe nou? Dit is klaar met ons, was seker op almal se lippe. Maar...!

Die Babiloniërs spaar hulle lewe en hulle sou later weer terugkeer na Jerusalem, in God se genade vir hulle.

Daar is altyd Hoop. Luister: "Solank God daar is, sal daar altyd Hoop wees." Wie en wat sal Hom uit ons lewensprentjie kan haal? Niemand nie! HOOP beteken: "Hou Oog Op Hom."

In Klaagliedere hoofstuk 3 lees ons van hierdie Hoop. In vers 22 word gepraat van Sy troue liefde wat gekeer het dat hulle doodgemaak is. Hy gee om, en aan hierdie liefde is daar geen einde nie, soos ook in Ps 136:1. Die groot rede hiervoor is in vers 25, wat duidelik sê dat in alles, God goed is: "Die HERE is goed vir hulle wat op Hom wag en Hom soek."

Soms fokus ons so op die goed wat ons wil hê en nodig het, in plaas van op die God van alle goed en juis omdat Hy goed is. Jesus het in Markus 10:18 bevestig dat dit net God is wat goed is. Ons kan dit egter nie as 'n verskoning gebruik nie omdat God dit weet en in Jesaja 48:17 word belowe aan die ballinge dat Hy hulle sal leer wat vir hulle goed sal wees. Ek glo dat wat vir hulle geld, vir ons ook geld vandag – want hoekom is dit so opgeteken. Ons kan mos God se hele Woord vertrou. In Hebreërs 13:16 word ons gemaan om aan te hou goed doen omdat dit die tipe van offers is waarvan God hou. Galasiërs 6:9 sê basies dieselfde met die belofte dat ons op die regte tyd sal oes. Ons hou almal van die woordjie "OES", maar onthou weereens dat dit net gebeur omdat God goed is, en niks anders nie.

Timoteus word in 1 Timoteus 6:11 aangespreek as man van God, en dan kry hy opdrag om te vlug van bose dinge, na te volg wat reg en goed is, hom te beywer vir 'n lewe volgens God se wil, gekenmerk deur toewyding, geloof, liefde, volharding en deernis. So 'n lewe sal altyd vrug en, met ander woorde, oes lewer.

Miskien wonder jy oor jou eie lewe en sien die goedheid van God nie altyd nie. Wees verseker Hy weet alles. Hy het die slegte wat aan Josef gedoen is in Genesis 50 verander in die goeie. Hou net aan om die goeie te saai en jy sal die goeie op die regte tyd oes soos in Galasiërs 6. God belowe dit ook in Romeine 8:28 vir dié wat na Sy voorneme geroep is. Ek glo en weet dat almal van ons in Christus as gelowiges geroep, gered en verkies is soos in 1 Pet 2:9.

Maak nie saak wie jy is en wat met jou gebeur het en dalk steeds gebeur nie, aan die einde sal al die legkaartstukkies van jou hele lewe bymekaar kom en jy sal die volle legkaart sien wat steeds sal uitspel dat God goed is. Hy is en wil vir jou goed wees. Vra Hom vir dit en Hy sal dit laat gebeur soos Jabes gedoen het in 1 Kronieke 9:10. Die seën van die Here beteken dat Hy vir jou sal Goed wees al verdien jy dit nie. Daarom kan ons mekaar ook seën volgens 1 Petrus 3:9 en geseën word, omdat Hy goed is.

Amen!

# INHOUD











**Uitgewer:**
VKB en NTK

**Redakteur:**
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

**Eindredakteur:**
Koos Janse van Rensburg

**Ontwerp en Uitleg:**
Ryno Steyn (VKB)

**Taalversorging:**
Lize Mulder

**Druk:**
Oranje Drukkers, Senekal

**Advertensies:**
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za
Sel. 083 303 6117



*Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.*


Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**


| | |
|---|---|
| 4 | Voorwoord |
| 6 | Loop lig vir bedrog met tjeks |
| 8 | Beweeg buite jou gemaksone |
| 10-13 | Uitdagings vir die familieboerdery: Deel 2 |
| 14-16 | Kan skuldvaardighede help om welvaart te skep? |
| 18-21 | Droogtewenke: Rek só jou weiding |
| 22-26 | Die effek van droë toestande op dieresiektes |
| 28-29 | Protokol: Hoe moet boere begrafnisse op plase hanteer? |
| 30-32 | So kan jy jouself gesond hou |
| 33-34 | Bieliemielie 2019 |
| 34-35 | VKB en verskaffers span saam om rekordbedrag vir VL se veiligheid te skenk |
| 36-37 | 100-jaar feesviering |
| 38-42 | VKB & NTK Nuus |










# VKB...
## vir die liefde van die land

Landbouprodusent, verbouer, landbouer, landman, kweker, spensvuller, pensvuller...

Soos Shakespeare gesê het: "Wat's in 'n naam? 'n Roos, selfs met enige ander naam, gaan steeds net so soet ruik."

Dieselfde met enige ander benaming vir 'n boer.

Hy gaan ewe hard werk, hy gaan ewe lief wees vir sy grond, sy gewasse, sy vee. Hy gaan steeds bid vir reën en wind en sonskyn op die regte tyd. Hy gaan steeds huil oor elke verwoeste oes en juig oor elke suksesvolle jaar. Hy gaan steeds verwonderd staan met elke babadier wat hy die lewe ingehelp het en steeds huil as die jakkalse onder die kudde gemaai het. En as die groen stoppels op die landerye staan, gaan hy hulle steeds elke dag dophou tot hulle wasdom bereik, en sy hart gaan sing as die stropers die lande invaar om die oes in te win. Hy gaan altyd iemand nodig hê wat hom kan help om sy boerdery te vestig of te help dra deur swaar jare. Hy gaan altyd 'n afsetgebied vir sy produkte nodig hê. Hy gaan altyd hoop op die beste aankoopprys vir sy saad, kunsmis, toerusting en masjiene, net soos wat hy gaan hoop op die beste verkoopprys vir wat hy verbou of teel.

VKB verstaan dit. Vir 100 jaar al is dit presies waarmee VKB hom besig hou.

Wat op 29 Maart 1919 in Reitz se stadsaal tot stand gebring is, is gedoen om drie, vier vyf geslagte boere in die Oos-Vrystaat – en in die afgelope paar jare selfs wyer – te help aan beide die inset- én die uitset-kant van hul boerderye.

Oor 'n bestek van 100 jaar is daar voortdurend met nuwe inisiatiewe, uitbreidings, idees en insentiewe vorendag gekom om te sorg dat die landbouprodusente van die omgewing hulle liefde vir die land, die grond, die vee kan uitleef.

En dis 100 jaar se lojale lede wat hierdie maatskappy gebring het tot waar hy vandag breëbors kan staan oor die suksesse, maar ook oor swaar tye en probleme wat ons saam-saam die hoof gebied het.

Met hierdie uitgawe vier ons VKB se 100ste verjaardag. Ons het ook 'n VKB 100-jaar-boek saamgestel wat binnekort by alle handelstakke en VKB Fuels beskikbaar sal wees. In die boek vertel ons die storie van VKB. Dis 'n mooi storie. Moet dit dus nie misloop nie.

Ons spog met ons suksesse en ons groei, ja, maar ons doen dit in opregte erkentlikheid en diepe waardering vir lede wat ons deur die jare gehelp het om by die 100 jaar-mylpaal uit te kom.

Vir die toekoms word daar reeds planne beraam, want die landboulandskap verander – net soos alles anders – voortdurend, maar die mensdom is nog baie ver van die punt af waar ons nie om 'n etenstafel met borde kos – vleis en groente en vrugte – voor ons gaan sit nie. Suid-Afrika word juis as die spens van die toekoms beskou en ons gaan beslis nie teleurstel nie. As dit enigsins 'n uitdaging vir ons as landboumaatskappy is, dan aanvaar VKB daardie uitdaging, want ons verstaan landbouprodusente en saam met die boere van ons verspreidingsgebied doen ons dit... vir die liefde van die land.

Landbougroete tot volgende keer.

*Hannelie*

100 JAAR van LIEFDE vir die LAND 2019




# ELKE PLAAS HET SY EIE UNIEKE VERSEKERINGSBEHOEFTES

Jou landbou-besigheid het spesifieke versekeringsvereistes. Daarom moet jy die regte vennootskap hê. Old Mutual Insure se dekking is ontwerp om jou presies te gee wat jy wil hê, omdat ons verstaan wat jy nodig het. Dit is eenvoudig. Dit is gerieflik. Dit is doeltreffend. Met ons rekord van ervaring en kundigheid, sal jy weet dat jy op ons kan staatmaak.

Die ongelooflike dinge wat jy môre doen, begin met die klein treë wat jy vandag neem. Neem daardie stap met Old Mutual Insure. Die tyd is nou.

**Gesels met jou makelaar of besoek ominsure.co.za om daardie eerste stap te neem.**

**INSURE**

**DOEN DIE ONGELOOFLIKE ELKE DAG**

Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure, 'n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer (FDV 12)

PUBLICIS 1197861



# Loop lig vir bedrog met tjeks

Hoewel al hoe minder mense deesdae fisiek tjeks gebruik, gebeur dit soms nog dat 'n mens wel 'n tjek wil of moet uitskryf om vir groot aankope te betaal. Al hoe meer besighede weier om tjeks te aanvaar omdat daar soveel alternatiewe maniere is om geld van hand te laat verwissel. Boonop skuil daar net te veel gevare in so 'n transaksie vir beide die tjekboekhouer as die onderneming wat die tjek aanvaar.

Volgens 'n artikel op die Suid-Afrikaanse Bank Risiko-inligtingsentrum (SABRIC) is daar 'n paar nuttige wenke vir wanneer betalings per tjek geskied – net om te verseker dat beide partye hul regmatige deel kry.

## Wenke vir veilige tjeks

- Wanneer jy 'n betaling per tjek ontvang, maak seker dat die begunstigde se naam korrek is, dat die bedrag in woorde en syfers ooreenstem en wees op die uitkyk vir enige veranderings wat op die tjek aangebring is.
- Wees ook op die uitkyk vir stempels wat moontlike areas wat verander is, kan verdoesel.
- Kyk vir enige spelfoute op die gedrukte gedeeltes van die tjek, soos die tjekrekeninghouer se besonderhede en die bank se taknaam.
- Wanneer jy per tjek betaal, maak seker jy vul die nodige gedeeltes só in dat dit moeilik sal wees om enigiets te verander.
- Skryf duidelik en netjies en gebruik verkieslik 'n pen met jel-ink omdat dit moeiliker is om die jel-ink uit die papier te was.
- Moenie enige korreksies of veranderinge op die tjek aanbring nie. Kanselleer eerder die tjek en skryf 'n nuwe een uit.
- Moenie groot spasies tussen die bedrag in woorde of syfers laat nie en trek 'n streep deur enige oop ruimtes om te verseker dat niks agterna bygevoeg kan word nie.
- Hou ook te alle tye jou tjekboek, gekanselleerde tjeks en tjekstate op 'n veilige plek.
- Moet nooit 'n blanko tjek teken nie.
- Rapporteer onmiddellik verlore of gesteelde tjeks.
- Gaan jou state gereeld na en doen rekonsiliasies.
- Dit is nie wenslik om tjeks per pos te stuur nie. Indien dit wel per pos gestuur word, stuur dit per geregistreerde pos.
- Onthou, krammetjies en skuifspelde waarmee 'n tjek aan 'n brief geheg word, kan te maklik deur die verkeerde vingers as die ware jakob geïdentifiseer word. Moet ook nie tjeks wat per pos gestuur word in 'n deurskynende of vensterkoevert of koeverte wat maklik oopgemaak kan word, pos nie. Dis altyd veiliger om nié die noodlot te tart nie.

## Hoe jy jou tjek betaalbaar maak, kan jou beskerm

- 'n "Kontant"-tjek is so goed soos geld en is beslis nie jou veiligste opsie van betaling nie, want enigeen kan daardie tjek gaan wissel.
- Tjeks waarop die woorde "of toonder" nie doodgetrek is nie, kan deur enigeen gewissel word. Jy kan ook die woorde "Nie oordraagbaar" op die tjek aanbring wat die bank dus die opdrag gee om die betrokke tjek aan niemand anders as die begunstige persoon/maatskappy wie se naam aangedui word, uit te betaal nie.
- Die woorde "Nie verhandelbaar" kan ook aangebring word wat die bank die opdrag sou gee om hierdie betrokke tjek net in die ontvanger se bankrekening in te betaal – dit kan nie vir kontant by die bank aangebied word nie.
- Selfs wanneer die woorde "of toonder" doodgetrek word, kan die begunstigde op die agterkant van die tjek teken en dit dan aan 'n derde party oorhandig om te wissel.

## Wees bedag op die volgende

- Wanneer jy 'n bankgewaarborgde tjek of 'n tjek wat deur 'n bank uitgereik is, ontvang, onthou dat die uitreiker van die tjek dalk vir jou wag om die ware wat hy gekoop het, vry te stel en dan vinnig die tjek vir een of ander vals rede kan kanselleer.
- Wanneer jy dus 'n tjek ontvang, moenie die ware oorhandig of vrystel voordat die fondse nie in jou bankrekening gereflekteer word nie of versoek spesiale klaring van die bank op die betrokke tjek.


Jou moed
kweek
sukses
Ons agribesigheid span is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsaamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur.
Vir meer inligting, besoek www.standardbank.co.za/business
YOU'RE GOOD TO GO.
Standard Bank Voluit Vorentoe™
Gemagtigde finansiëledienste- en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP15). Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Regnr.1962/000738/06).
Voluit Vorentoe is 'n handelsmerk van Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk. GMS-939 03/19

deur André W. Diederichs

## Die toer deur BESIGHEIDSOERWOUD gaan voort…



Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek *Besigheidsoerwoud* en hierdie sakelesse word oor 17 uitgawes bespreek.

# Beweeg buite jou gemaksone

Die sestiende sakeles wat bespreek word, verwys na walvisse. Ons moet leer om buite ons gemaksones te lewe om volhoubaar winsgewend te bly.

Die blouwalvis is die grootste soogdier wat ooit geleef het, asook die grootste lewende dier en kan tot 150 ton weeg. Die walvisse wat ons meestal in Suid-Afrikaanse seewaters sien, is die suidelike noorkapperwalvis (*Southern Right whale*) wat by Hermanus en omliggende gebiede aanteel.

Vanaf die noorde, in die area van die Antarktiese oseaan, arriveer die vroulike walvisse aan ons suidooskus so teen Junie elke jaar. Walvisse leef tussen 30 en 90 jaar, afhangende van die spesie. Kommersiële walvisjagters in die 19de eeu het 'n boogkopwalvis (*Balaena mysticetus*) in Alaska gevang wat tussen 115 en 130 jaar oud geskat was.

Net soos wat jou instink en die lesse wat jy leer, jou aanvoeling en lewensuitkyk opskerp, so is goeie sakesin kritiek vir entrepreneurs om onderskeid te kan tref tussen geleenthede en bedreigings. Daar is 'n magdom ooreenkomste tussen die dierelewe en die sakewêreld en selfs diere met hul "supersintuie" kan foute maak indien die onbekende hul bekende omgewing betree.

Trekvoëls en diere memoriseer sekere bakens as riglyn vir hul jaarlikse reise. Mettertyd word dit dan ook makliker vir hulle om hul rigting te bepaal net soos wat dit gaandeweg vir 'n entrepreneur makliker word hoe langer hy of sy in die onderneming staan.

Sulke entrepreneurs ontwikkel dan ook 'n bepaalde ingesteldheid, of dan 'n bekende en bewese wyse van sake doen. Maar wanneer hul modus operandi bedreig word, byvoorbeeld deur gebeure buite hul beheer, kan dit 'n uitwerking hê op hul sakebesluite. Dit gebeur wanneer die bekende minder bekend word en hulle dus uit hul gemaksones begin ruk.

Om buite hul gemaksones te beweeg, is dikwels 'n struikelblok vir entrepreneurs. En onbeheerbare gebeure kan hul bekende dinkpatrone binnedring. Soos reeds gesê, selfs diere met hul "supersintuie" kan verward raak wanneer buite-invloede hul natuurlike vaardighede onder druk plaas.

Trek-walvisse, byvoorbeeld, bepaal hul roetes deur die gebruik van elektro-magnetiese velde wat berge en valleie onder die oppervlakte van die oseane vorm – amper soos om op 'n pad te ry. Maar elektriese kommunikasiekabels op die bodem van oseane kan somtyds walvisse se elektro-magnetiese velde versteur – dikwels met tragiese gevolge.

Dit is net soos in 'n onderneming waar 'n bepaalde gemaksone ook tot probleme kan lei. Dit is amper soos 'n swaargewig-bokskampioen wat uitgeslaan word deur 'n onbekende bokser – dit gebeur omdat die kampioen opgehou het om daardie dinge te doen wat van hom in die eerste plek 'n kampioen gemaak het.

Onvoorsiene eksterne omstandighede soos nuwe mededinging, veranderings in wetgewing, veranderings in verbruikerspatrone, ensovoorts, kan alles negatiewe gevolge vir 'n sakeonderneming inhou. Dit gebeur wanneer sakepersone te gemaklik raak en nie hul "grysstof" inspan wat hulle eens suksesvol gemaak het nie.

Die kuns om bedreigings te verwag en geleenthede raak te sien, selfs buite jou bedryf lank voordat dit 'n werklikheid word, is vinnig besig om 'n belangrike sakenorm te word. Dink byvoorbeeld aan die uitwerking van die Internet op die toekoms van uitsaai-maatskappye en DVD-verhuringsinstansies, omdat dit deesdae al makliker en goedkoper raak om flieks, asook die jongste nuus van die Internet af te laai. Slimfone is deel van hierdie veranderende markplek.

Kyk ook na die tendens waar supermarkte deesdae nie slegs kruideniersware verkoop nie, maar ook finansiële produkte verkoop en selfs apteke, soos Clicks, binne die kettingwinkels begin. Die moontlikhede is eindeloos.

Hoewel dit noodsaaklik is om uit ons suksesse en mislukkings van die verlede te leer, is dit futiel om die konsep van verandering die stryd aan te sê. Verandering is soos 'n draaikolk. Dit is ewig roterend. Sou jy in 'n draaikolk beland, is dit wys om nie teen die stroom te swem nie. Sou jy saam met die stroom beweeg, sal die draaikolk jou weer later vrylaat. Dit is raadsaam om jou eerder toe te spits op die veranderende markplek en toekomstige geleenthede wat jou meer kan bied as jou suksesse uit die verlede.

Dit is die aard van entrepreneur wees. Dit is 'n aanhoudende avontuur van streef na meer. Soos 'n sakekonsultant eens vir een van sy kliënte gevra het: "Wat doen jy wanneer jy die bopunt van 'n veertig voet paal bereik het?" Die kliënt se antwoord: "Jy ontspan en geniet die uitsig!" Hoewel dit na 'n goeie antwoord mag klink, onthou dat indien jy te lank daar bo vertoef, mag jy dalk die kans misloop om Mount Everest uit te klim.




PANNAR bied 'n gedugte koringpakket vir produksie onder droëland en besproeiing. Die uitstekende resultate in die LNR-Kleingraaninstituut se nasionale proewe bevestig die uitstekende opbrengspotensiaal, stabiliteit en aanpasbaarheid in die verskillende produksiegebiede.

## VEELSYDIGE KORINGKULTIVARS

| | | Besproeiing | | | | Droëland, Somerreënvalgebied | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kultivar | | PAN 3400 | PAN 3471 | PAN 3541 | PAN 3497 | PAN 3368 | PAN 3161 | PAN 3111 |
| Groeiklas | | Lentetipes | | | | Intermediêre Tipe | Egte Wintertipes | |
| ± Dae tot 50% bom | Warmer Areas | 94 | 99 | 98 | 101 | 140 | 149 | 152 |
| | Koeler Areas | 104 | 109 | 108 | 111 | 130 | 135 | 140 |

® Registered trademarks of PANNAR SEED (PTY) LTD
© 2019 PANNAR SEED (PTY) LTD

2019/WHEAT/A/13

PANNAR®

Saam boer ons vir die toekoms™

infoserve@pannar.co.za
www.pannar.com



# Uitdagings vir die familieboerdery

**deur dr. Andries Radley, landbou-ekonoom**

## Inleiding

In Deel 1 is gefokus op die suksesvolheid van bestuursopvolging in familieondernemings, die belangrikheid van familieboerderye asook die definisie van familieboerderye. Verder is die rol van die ouer geslag en verantwoordelikhede van die jonger geslag uitgewys om suksesvolle bestuursopvolging te laat slaag.

Die uitdagings vir suksesvolle bestuursopvolging in familieboerderye word vervolgens bespreek. Dit sluit aspekte in soos die interaksie tussen familie en boerderysake, harmonie tussen alle familielede, gesonde verhoudinge tussen aktiewe familielede en nie-familielede, regverdige personeelbeleid en vergoeding, gesamentlike toekomsbeplanning en 'n deursigtige bestuursopvolgingsplan.


### 1. Uitdagings vir die familieboerdery


Die betrokkenheid van familie verleen 'n unieke dimensie aan 'n familieboerdery. In die familiestruktuur word kinders as gelykes beskou, met die klem op die ontwikkeling en versorging van die individuele familielede. Die boerdery, daarenteen, fokus op bevoegdheid, wins en volhoubaarheid (Van der Merwe, Venter, Botha & Burger, 2007). Noodwendig sal daar in die bestuursopvolgingproses spanning en konflik ontstaan wat effektief bestuur moet word. Dit word in Figuur 1 skematies uitgebeeld.

**Die betrokkenheid van familie verleen 'n unieke dimensie aan 'n familieboerdery. In die familiestruktuur word kinders as gelykes beskou.**



Figuur 1: Skematiese voorstelling van die bestuursproses




**Figuur 1: Eiesoortigheid van familieondernemings**

Bron: Van der Merwe, 2018

Spesifieke uitdagings (of dit kan selfs as slaggate beskryf word) spruit hieruit voort, wat vervolgens behandel gaan word.

## a. Bestuur van die interaksie tussen familie en boerderysake

Baie probleme in familieboerderye spruit uit die feit dat die familie en die boerdery twee afsonderlike stelsels is met verskillende en soms mededingende behoeftes en doelwitte. Die primêre funksie van die familiestelsel is om die potensiaal van elke lid van die familie, ongeag sy beperkings en vermoëns, ten volle te laat ontwikkel. Daarteenoor fokus die boerderystelsel op die lewering van produkte met die doel om wins te maak en om die volhoubaarheid van die boerdery te verseker. Dit is 'n besigheid, en die bestuur en werknemers moet waarde toevoeg ter bereiking van die doelwitte.

Familieboerderye moet daarteen waak om nie emosionele besluite ten gunste van die familie maar ten koste van die boerdery se voortbestaan op die langtermyn te neem nie. Die boerdery is nie 'n welsynsorganisasie nie. Tref dus sover moontlik 'n onderskeid tussen familie- en boerderysake. Die gulde reël is dat die familieboerdery te alle tye volgens die beginsel van "die boerdery eerste" bestuur behoort te word. Dit kan die volhoubaarheid van die boerdery tot voordeel van die familie en die boerdery verseker (Van der Merwe et al., 2007).

## b. Verseker familieharmonie tussen alle familielede

Families, en dit sluit die aktiewe en onaktiewe familielede in, behoort gereeld te vergader om belangrike sake wat die familie en die boerdery raak, te bespreek. Daardeur leer die familie hoe om sake te bespreek en oplossings vir verskille te vind. Meningsverskille wat nie onmiddellik aandag kry nie, verander dikwels in onnodige konflik wat besluitneming benadeel. Die hele boerdery ly daaronder. Elke familie wat saam boer, moet leer om oor belangrike sake te praat en so konflik te vermy. Die daarstelling van 'n familieforum is 'n baie goeie meganisme om konflik in die familie op te los en meer doeltreffende kommunikasie te verseker. Alle volwasse

familielede (aktiewe sowel as onaktiewe familielede) behoort die familieforum-vergaderings by te woon. By die familieforum deel familielede hul kwellinge, gedagtes, gevoelens, behoeftes en verwagtinge met die ander lede en behoort 'n positiewe bydrae te maak tot beplanning, doelwitstelling, beleidmaking en die definiëring van die familiewaardes (Van der Merwe et al., 2007).

Familielede wat saamwerk in 'n familieboerdery behoort gereeld (byvoorbeeld elke Maandagoggend) te vergader om boerderysake te bespreek. Dit konsentreer hoofsaaklik op die dag-tot-dag bedryf van die boerdery, maar dien ook as 'n forum om boerderybeplanning op die medium en lang termyn te doen. Hierdie vergaderings se gevolg is beter beplanning, uitskakeling van duplisering en die voorkoming van misverstande tussen familielede.

## c. Bou gesonde menseverhoudinge tussen die aktiewe familielede

Twee belangrike boustene van gesonde menseverhoudinge tussen senior en junior lede van die familieboerdery is erkenning en respek. Dit is in wese 'n vennootskap tussen die senior en die junior geslag en albei geslagte moet aan die verhoudinge werk. Die senior geslag se rol is om leiding te gee ten opsigte van beplanning en beheer, erkenning te gee vir positiewe bydraes, te bemagtig met verantwoordelikheid, deelnemend te wees in plaas van outokraties en ontwikkeling van die jonger geslag te laat plaasvind. Die junior geslag se rol is om hardwerkend te wees in die familieboerdery, die senior geslag te respekteer vir wat alreeds bereik is, om waarde toe te voeg tot die huidige familieboerdery en moontlike uitbreidings, leergierig te wees in alle fasette van die familieboerdery en in die proses geloofwaardigheid te bou met die oog op die toekoms. Die daarstelling van kommunikasieforums soos reeds aangetoon is, sal ook 'n belangrike bydrae maak tot gesonde menseverhoudings tussen senior en junior familielede in die familieboerdery.

## d. Bou gesonde verhoudinge met nie-familielede en erken hul insette

Familieboerderye behoort alle werknemers oor dieselfde kam te skeer en 'n gunstige werkomgewing vir almal te skep. Gelukkige werknemers kan beduidende waarde tot die boerdery toevoeg en die langtermyn-voortbestaan daarvan verseker. Die familie moet daarom hard daaraan werk om gesonde menseverhoudinge tussen familielede en nie-familielede in die familieboerdery te verseker. Die doeltreffende bestuur van nie-familielede sluit die volgende in: (Van der Merwe et al., 2007).

- Bou 'n gesonde grondslag van wedersydse vertroue, respek en ondersteuning.
- Dra die familie se visie, missie, doelstellings en waardes oor.
- Bespreek nie-familielede se behoeftes, verwagtinge en vrese met hulle.
- Wees bedag op konflik tussen nie-familielede en veral familielede van die jonger geslag.
- Hanteer konflik dadelik en moet dit nie vermy nie.
- Moet nooit die omstandighede van 'n nie-familielid misbruik nie.
- Vermy emosionele besluite wat die familie ten koste van die boerdery, en dikwels die nie-familielede, bevoordeel.
- Hanteer nie-familielede soos jyself hanteer wil word.
- Die familielede moet deur hulle voorbeeld lei.
- Skep 'n gunstige omgewing vir die motivering en persoonlike groei van nie-familielede.
- Wees skraps met kritiek en ruim met erkenning.
- Wees eerlik met nie-familielede en moenie verwagtinge skep nie.



## e. Indiensnemingsbeleid, prestasiemeting en vergoeding van familielede

Die indiensnemingsbeleid vir toetrede tot die familieboerdery behoort duidelik uiteengesit te word voordat familielede van die jonger geslag tot die boerdery toetree. Dit sal 'n goeie fondament skep en kan daartoe lei dat familielede sonder konflik tot die familieboerdery toetree. Verkieslik moet alle familielede in diens van die boerdery beduidende waarde tot die boerdery toevoeg. Duidelikheid oor take, rolle en verantwoordelikhede moet liefs voor toetrede gekry word en elke familielid moet volgens sy sterkpunte aangewend word. Die volgende vraagstukke behoort aandag te geniet:

- Wie sal toegelaat word en wie nie?
- Moet daar 'n vakante pos wees?
- Waar moet 'n kind begin?
- Hoe oud moet kinders wees voor toetrede?
- Watter voorbereiding en opleiding is nodig?
- Watter buite-ondervinding is wenslik?
- Is skoonfamilie welkom?
- Wat is die reëls vir uittrede uit die ondernemimg?

(Van der Merwe, 2018).

Die objektiewe evaluering van die prestasie van alle werkers op die plaas is belangrik. Dit skep gesonde mededinging wat die doeltreffendheid van die plaas kan verbeter. Aspekte wat belangrik is om dit te bewerkstellig sluit in:

- die formulering van duidelike indiensnemings-, besluitnemings; vergoedings- en eienaarskapbeleid op skrif wat op almal toegepas word;
- die definiëring van rolle en verantwoordelikhede van almal met ondersteunende taakomskrywings;
- die vestiging van duidelike rapporteringskanale en organisasie-strukture;
- die betrekking van nie-familielede by die stel en kontrolering van doelwitte;
- die opstel en gebruik van een objektiewe prestasiemetingstelsel;
- die vestiging van 'n markgerigte, basiese vergoedingstruktuur wat bonusse en winsdeling insluit; en
- die aanspreeklikhouding van almal vir hul gedrag.

## f. Kry eenstemmigheid oor die toekoms van die familieboerdery

Dit is van deurslaggewende belang dat die familie 'n duidelike strategie formuleer vir die voortsetting van die boerdery as 'n familieboerdery in die toekoms en wat dit van die familie gaan verg. Die eerste stap in die proses is dat elke familielid duidelikheid moet kry oor waarheen hy of sy as mens op pad is. Die tweede stap is om 'n visie vir die familie te formuleer wat deur familiewaardes soos integriteit, eerlikheid, hardwerkendheid, ensovoorts ondersteun word. Indien die familie 'n beginselbesluit geneem het dat hulle alles in hul vermoë gaan doen om die familieboerdery in die familie te hou, kry jy 'n toewyding wat die boerdery deur moeilike jare kan laat oorleef (Van der Merwe et al., 2007).

## g. Verseker suksesvolle bestuursopvolging

Bestuursopvolging is 'n proses en die familie behoort vroegtydig daarvoor te beplan. Suksesvolle bestuursopvolging is nie maklik nie. Dit is 'n komplekse en emosionele proses wat goeie beplanning en tydige bestuur verg voor die proses nog begin. Bestuursopvolging is eers afgehandel nadat die senior geslag familielede die mag finaal aan die jonger geslag oorgedra het en neem jare om te voltooi. Die proses van bestuursopvolging bestaan uit sewe fases wat beplan moet word om 'n gladde oordrag na die jonger geslag te verseker.

- Die eerste fase begin wanneer die kind van kleins af bekend gestel word aan die boerdery as deel van sy/haar grootwordproses.
- In die tweede fase word die kind blootgestel aan die bedryf van die boerdery.
- Die derde fase begin met die permanente toetrede van die kind tot die boerdery.
- Die vierde fase konsentreer op die leierskapsontwikkeling van die jong boer.
- In die vyfde fase word die mees geskikte kandidaat vir die uitvoerende bestuurspos gekies.
- In die sesde fase word die uitvoerende bestuur van die boerdery oorgedra na die opvolger, maar hy/sy kan steun op die leiding van die senior geslag.
- Die finale fase word bereik as die ouer finaal terugtree en die opvolger die bestuurder in naam en persoon is (Van der Merwe et al., 2007).

'n Paar goue reëls om suksesvolle bestuursopvolging te verseker, is: (Van der Merwe, 2018).

- Bestuursopvolging is 'n deelnemende proses.
- Bestuursopvolging begin vroeg, wat insluit 'n waardestelsel-rolmodel, die skep van 'n positiewe gesindheid en ontwikkeling van die jonger geslag.
- 'n Werksgroep om die bestuursopvolgingsproses te dryf kan waarde toevoeg.
- Beplan bestuursopvolging vroegtydig en neem aksie om die voortbestaan van die familieboerdery te verseker.
- Boedelbeplanning is 'n integrale en belangrike deel van bestuursopvolging.
- Evalueer die geskiktheid van die bestuursopvolger deeglik.
- Kommunikeer die beplanning en besluite aan alle familielede op 'n familieforumvergadering.

# 2. Opsommend

Suksesvolle bestuursopvolging is dikwels die belangrikste uitdaging waarvoor families te staan kom. 'n Weldeurdagte plan vir bestuursopvolging maak die kanse soveel groter om betyds 'n geskikte opvolger te kry en verseker 'n gladde oorgang van leierskap na 'n volgende geslag. Bestuursopvolging is 'n proses wat oor etlike jare strek en behels 'n hele aantal aktiwiteite en besluite wat verwant is aan die oorgang van een geslag na die volgende, die ontwikkelingsproses van die opvolgers, en die voorbereidings wat getref word om familieharmonie te handhaaf en terselftertyd ook die voortbestaan van die familieboerdery te verseker (Van der Merwe et al., 2007).

Die geheim van suksesvolle bestuursopvolging in familieboerderye lê in vroegtydige beplanning en die implementering van die plan.

**Bronnelys**

Van der Merwe, S.,Venter, E., Botha, P. & Burger, S. 2007. Verseker die sukses van familieboerderye. The Platinum Press. Potchefstroom.

Van der Merwe, S. 2018. Kritiese wenke vir suksesvolle familieboerderye. Lesing gegee by VKB Frankfort (11 April 2018) en NTK Nylstroom (1 Augustus 2018).

# KAN **SKULDVAARDIGHEID** HELP OM WELVAART SKEP?

**deur dr. Philip Theunissen**


Tydens die Amerikaanse presidentsverkiesing van 2016 het Donald Trump sy vermoë om welvaart te skep as die grondslag van sy veldtog gebruik. Hy het aan sy ondersteuners gesê: "I am really rich and I've always been good at making money." Toe die media sy selfverklaarde netto waarde van $10 miljard in twyfel trek en aanvoer dat dit selfs so min as $3 miljard kan wees nadat sy skuld afgetrek is, het hy gespog: "I've done great with debt, I understand debt better than probably anybody", en bygevoeg dat sy vaardigheid om hope skuld te kan bestuur van hom die ideale president sal maak om Amerika se sluimerende skuldkrisis te kan hanteer.




## Skuld



Skuld is 'n belangrike bron van finansiering vir investering en dit geld ook vir voortdurende uitbreidings, verbeterings en tegnologiese vooruitgang in landbou. Skuld is gewoonlik nie 'n probleem indien die boerdery se solvabiliteit goed is nie, maar omdat die waarde van grond die afgelope 15 jaar met baie meer as die inflasiekoers bly styg het, het boerderye se solvabiliteit kunsmatig ook skerp toegeneem en die ruimte op die balansstaat geskep om van meer skuld gebruik te maak. Volgens die grafiek het Suid-Afrika se landbouskuld die afgelope 20 jaar van R24 miljard tot R158 miljard toegeneem terwyl die waarde van grond en vaste verbeterings terselfdertyd van R53 miljard tot R252 miljard toegeneem het. Die landbouskuld het teen 'n saamgestelde koers van 10% per jaar gegroei terwyl die grond en vaste verbeterings se waarde teen 'n saamgestelde koers van 8% gestyg het. Klaarblyklik is daar boere wat ook soos Trump meen hulle het die vaardigheid om skuld te kan bestuur om sodoende ryk te kan word. Dit het ongelukkig daartoe gelei dat verskeie groot boerderye in 2018 as gevolg van te veel skuld uitverkoop moes word.




Bron: Abstract of Agricultural Statistics, 2018

Terwyl grondpryse bly styg het, het boere se solvabiliteit bly verbeter en het hulle outomaties die "vaardigheid" bekom om "hope" skuld te kan bestuur. Solank die groei in netto waarde hoër is as die rente wat op 'n lening betaal word, is die boer besig is om vir homself welvaart met iemand anders se geld te skep. Dit was bloot die risikoverdraagsaamheid wat gemaak het dat sekere boere tot 'n groter mate en ander tot 'n mindere mate van skuld gebruik gemaak het.
Die huidige droë siklus waarin groot dele van Suid-Afrika homself bevind en wat in sekere gebiede al vyf jaar lank duur, het egter tweeledig 'n demper op grondpryse geplaas: eerstens is daar 'n kleiner vraag na grond en tweedens is daar nie genoeg inkomste om die skuld mee te delg nie. Daarmee saam het die politieke denkrigting van grondonteiening sonder vergoeding ook 'n negatiewe impak op grondpryse gehad. Dit het boere dus daarvan ontneem om die stygende grondpryse te gebruik om hulle solvabiliteit mee te verbeter en daarom moet hulle nou op hul operasionele vermoë staatmaak om welvaart te skep.

## Saamgesteld

Albert Einstein word aangehaal dat hy eens gesê het saamgestelde rente is die agtste wonder van die wêreld. Hy het na bewering bygevoeg dat dié wat dit verstaan dit verdien terwyl dié wat dit nie verstaan nie, dit betaal. Sy verduideliking is dat hierdie vermenigvuldiging die proses is waardeur 'n bate se kapitaalgroei én rentabiliteit telkens herbelê word om nogmaals addisionele inkomste op te lewer. Hierdie groei, wat deur middel van 'n eksponensiële funksie bereken word, verskil dus van 'n reglynige verdienste, waar slegs die aanvanklike waarde van die bate 'n inkomste oplewer. Saamgestelde rente reflekteer dan ook die tydwaarde van inkomste oor 'n gegewe periode.
Volgens Einstein is die beginsel van saamgestelde rente ongelukkig op beide bates én laste van toepassing. Terwyl die vermenigvuldiging 'n bate se waarde eksponensieel sal laat toeneem, sal dit ook beteken dat rente op die onbetaalde gedeelte die skuld eksponensieel sal laat toeneem.
Die effek van saamgestelde rente, hetsy positief óf negatief, versterk ook namate die frekwensie van die vermenigvuldiging toeneem. By die akkumulasie van welvaart is vyf jaar se saamgestelde groei dus beter as twee jaar s'n en tien jaar s'n weer beter as vyf jaar terwyl twintig jaar se saamgestelde inkomste van boerderybates dus aansienlik baie welvaart gaan skep, mits dit verdien word en nie betaal word nie.
Die beginsel van saamgestelde rente kan aan die hand van Computus se deelnemende groep boere in die Oos-Vrystaat geïllustreer word. Die resultate van die afgelope twintig jaar van die boere wat met hul eie operasionele inkomste welvaart skep, word teenoor dié getoon wat geleende kapitaal gebruik om welvaart mee te skep. Let wel: laasgenoemde is nie noodwendig in finansiële moeilikheid nie, maar is juis die tipiese boer wat deur die banke as kredietwaardig geag sal word.




**CAPSTONE Seeds**

www.capstoneseeds.com

**Thys Fourie - 082 326 6797**
Nationale Verkoops Bestuurder

**Cecil van Rooyen - 066 305 8751**
Verkoops Verteenwoordiger - Kaap

**Neville Young - 082 654 2162**
Verkoops Verteenwoordiger - Kleinhandel Nationaal

**Mark Wattam - 082 603 8471**
Kommersiële Bestuurder - Kaap

**Ashton Drummond - 082 327 8083**
Verkoops Verteenwoordiger - KZN Boere

**Deon Niemann - 082 602 4414**
Verkoops Verteenwoordiger - Vrystaat Streek, Noord-Wes Streek, Mpumalanga Streek


**TABEL: BOERE MET EIE KAPITAAL VS BOERE MET GELEENDE KAPITAAL**

| | Boer met eie kapitaal | Boer met geleende kapitaal |
|---|---|---|
| Solvabiliteit | 94% | 62% |
| Gemiddelde hektare | 2121 | 5822 |
| Gemiddelde GVE | 437 | 693 |
| Groei in totale ha | 2% | 4% |
| Groei in totale GVE | 3% | 2% |
| EBITDA/ha | R645 | R589 |
| Rentabiliteit (Ro) | 9% | 3% |
| Rente betaal/ha | R97 | R465 |
| Rente/EBITDA | 15% | 79% |
| Groei in rente betaal | 7% | 17% |
| Groei in EBITDA | 10% | -160% |
| Groei in netto waarde | 14% | 21% |
| Reële groei in netto waarde | 10% | -107% |
| Groei in totale bates | 13% | 21% |
| Groei in totale laste | 9% | 22% |
| Groei in vaste bates | 12% | 32% |
| Skuld/Reële totale bates | 19% | 137% |
| Skuld/vaste bates | 19% | 113% |

*Bron: Computus Bestuursburo*

## Vergelyking

Volgens die tabel boer die groep met min skuld gemiddeld op 2 121 ha en het hulle 437 grootvee-eenhede en dié met die meer skuld boer op 5 822 ha en het 693 grootvee-eenhede. Die eerste groep se hektare het teen 'n saamgestelde koers van 2% per jaar gegroei terwyl die tweede groep teen 'n saamgestelde koers van 4% per jaar uitgebrei het. Die groep met die meer skuld boer dus groter en het baie vinniger as die eerste groep uitgebrei.




Die EBITDA (Earnings Before Interest, Taxes, Depreciation and Amortization) van die groep met die min skuld beloop gemiddeld R645/ha teenoor die R589/ha van die groep met die meer skuld. EBITDA word algemeen deur die banke gebruik om 'n boerdery se terugbetaalvermoë mee te bepaal omdat dit operasionele inkomste vóór die invloed van finansiering en rekeningkundige beleid toon. Dit is dan ook hierdie bedrag wat beskikbaar is om die kapitaal én rente van skuld mee af te betaal.
Die rentabiliteit (EBITDA/Totale bates) van die groep met min skuld beloop gemiddeld 9% teenoor die 3% van die groep met meer skuld. Eersgenoemde betaal gemiddeld ook net R97/ha, oftewel 15% van EBITDA, aan rente per jaar teenoor die R465/ha, oftewel 79% van EBITDA, van die groep met meer skuld. Die EBITDA van eersgenoemde groei ook teen 'n saamgestelde koers van 10% per jaar wat ooreenstem met die reële saamgestelde groei in netto waarde van 10% terwyl die nominale groei in netto waarde 14% was. Laasgenoemde sluit grond se appresiasie in. Daarteenoor het die EBITDA van die groep met meer skuld negatief teen 'n saamgestelde koers van 160% gegroei. Die reële saamgestelde groei in netto waarde was dan ook negatief teen 107% terwyl die nominale saamgestelde groei in netto waarde 21% was. Die groep met min skuld se rentebetalings het saamgesteld teen 7% per jaar gegroei terwyl die groep met meer skuld se rentebetalings saamgesteld teen 17% per jaar toegeneem het.
Die groep met meer skuld se totale bates het saamgesteld met 21% per jaar gegroei terwyl vaste bates met 32% toegeneem het. Daarmee saam het totale laste saamgesteld met 22% per jaar gegroei. Dit het tot gevolg dat skuld in verhouding tot reële totale bates 137% beloop en skuld in verhouding tot nominale vaste bates 113% beloop. In die geval van die groep met min skuld het die totale bates saamgesteld met 13% per jaar gegroei terwyl totale laste met 9% en vaste bates met 12% gegroei het. Dit bring mee dat die skuld van hierdie groep tans 19% van reële totale bates en ook 19% van nominale vaste bates beloop.
Met inagneming van al bogenoemde aanwysers beteken dit dus dat dié boere wat op hul operasionele inkomste staatmaak om hul boerderye mee te finansier, by verre meer effektief daarin is om welvaart vir hulself te skep terwyl dié wat meer van skuld gebruik maak se boerderye operasioneel minder effektief is. Laasgenoemde moet ook 'n baie groter deel van hul operasionele inkomste aan finansierders afstaan as dit waarop hulself aanspraak kan maak. Die uiteinde is dat hulle al groter moet boer en al meer op die kapitaalgroei van hul vaste bates moet steun om hul solvabiliteit in stand te kan hou. Dit bekelmtoon maar net Einstein se teorie dat dié wat saamgestelde rente verstaan dit verdien terwyl dié wat dit nie verstaan nie, dit betaal.

## Stadig, bestendig en volhoubaar

Die deurslaggewende resep vir die skepping van welvaart is dus tyd. Hoe langer die aanvanklike belegging toegelaat word om teen 'n saamgestelde koers te groei, hoe meer dramaties gaan die eksponensiële skepping van welvaart wees. Dié boer wat dus met sy eie kapitaal teen 'n stadige, bestendige, volhoubare pas uitbrei, se kanse is dus beter om fundamentele welvaart te skep teenoor een wat groot ingrypende uitbreidings met geleende kapitaal aangaan. Die agtste wonder waarna Einstein verwys het, lê dus in die kummulatiewe beloning van 'n reeks klein maar effektiewe suksesse. Hierdie klein suksesse is op die oog af bykans onsigbaar, maar die saamgestelde effek daarvan oor 'n tydsverloop is indrukwekkend. Die resultaat daarvan mag dalk na towerkuns lyk, maar dit is in wese gebaseer op 'n praktiese, logiese en wiskundig voorspelbare proses en nie op die vaardigheid om hope skuld te kan bestuur nie.

## BRONNE:


Tully, S. 5 Things You Need to Know About Donald Trump's Debt. Fortune. 24 Augustus 2016.
Thomas, Z. How did Donald Trump make his fortune? BBC Business. 13 April 2016
Garnett, A. Farmers are in debt, and more debt won't help. 5 Februarie 2014.
Tasmanian Institute of Agriculture. Increasing productivity: Achieving economies of scale in vegetable production.
Ellinger, P, Featherstone, A & Boehlje, M. Leverage of U.S. Farmers: A Deeper Perspective. 2016
Chen, J. Compounding. 23 Maart 2018
News24. Compound interest – What's the big deal? 20 Junie 2018.

# Roer jou pitte SE LITTE




Saam met jou van
DIE WOORD "GO"

Gee jou mielies daai ekstra myl met PIONEER®-produkte.

Tel: +27 12 683 5700 | www.rsa.pioneer.com |
®, TM, SM Handelsmerke of diensmerke van DuPont, Dow AgroSciences of Pioneer en hul geaffilieerde maatskappye of onderskeie eienaars. © 2018 PHII

PIONEER®



# Droogtewenke:
## Rek só jou weiding

Foto's en TV-beeldmateriaal van beeste wat wankelrig in die veld deur 'n driffie strompel op soek na kos, is erg betreurenswaardig, sê die veevoerkenner prof. HO de Waal van die Universiteit van die Vrystaat.

"Ek het die afgelope vier dekades verskeie kleiner en groter droogtes beleef. In die huidige opset ondervind ons nie noodwendig altyd 'n watertekort op die veld nie, maar die opvolgende hittegolwe verdor die oorblywende weiding en dus benutbare plantmateriaal.

"Dit is tragies, maar vir talle veeboere wat nie betyds voorkomingsmaatreëls teen die droogte getref het nie, is die skrif aan die muur."

Volgens De Waal is suikerriet en doringlose turksvye voorbeelde van plante wat in die heersende droogtetoestande die swak weidingsituasie in groot dele van die sentrale binneland met behulp van molasse en ureum kan aanvul.

Enige ruvoer, soos gebaalde veldhooi en oesreste, kan ook goed gebruik word.

Turksvye as voerbron vir vee word egter steeds as 'n minderwaardige gewas beskou, sê De Waal. Turksvyblaaie kan vars of gedroog deur vee benut word, maar die hoë waterinhoud van vars blaaie bemoeilik hantering, vervoer en verwerking. Vars blaaie kan nie lank in hope opgeberg word nie omdat dit vrot. Dan sal dit as siektebron boorde besmet.

De Waal sê die afgelope somer is baie soortgelyk aan die vorige paar jare. Sedert Desember het vee in talle gebiede waar die droogte nog nie behoorlik gebreek is nie, dag ná dag agteruitgegaan.

Hier is aanbevelings om diere aan die lewe te hou en nie onnodige energie in ekstensiewe toestande te vermors op soek na weiding nie:

Beskerm die kernteelkudde. Dit is die vroulike diere wat ná die droogte weer 'n inkomste moet verseker.

Gebruik aanvullende voeding op die veld strategies, waar dit enigsins nog moontlik is.

Verminder die getal diere wat van die voerbronne op die plaas afhanklik is. Bemark surplusdiere of verwyder



# Groot hoeveelhede goedkoop rumateriaal is nou nodig om die tekort aan weiding in groot dele van die land aan te vul. Wat staan boere te doen?

hulle tydelik van die veld en hou hulle in 'n kraal of op aangeplante weiding.

## Beperk diere se beweging en plaas hulle in klein kampies met koeltebome of ander beskutting. Sodoende is daar beter beheer oor die hoeveelheid voer wat die diere daagliks kry.

Verseker dat alle diere deurgaans toegang het tot genoeg, skoon drinkwater.

Skei die sterker en swakker diere om mededinging by die voerbakke te verminder.

Voorkom dat veral beeste vanweë swak voeding verhonger, verswak en gaan lê voordat hulle gevoer word.

Moenie diere ad lib oor lang tye probeer voer nie. Rantsoeneer voer volgens verlangde produksievlakke, soos oorlewing, onderhoud of laktasie.

Moenie voer op die grond strooi nie. Gebruik voerbakke of ou voertuigbuitebande.

Verskaf gerantsoeneerde hoeveelhede voer elke tweede of derde dag. Sodoende kry die meeste diere genoeg kos om darem dik te vreet.

Verhoog die kans op oorlewing van vee op droogtegeteisterde veld deur hulle toegang te gee tot ongemaalde hooi in langvorm. Die doel met die langhooi is om die spoed te vertraag waarmee voedingsmateriaal deur die grootpens beweeg, verduidelik hy. Droë gras wat nog langs paaie of op uitvalgrond gesny kan word, koringstrooi, suikerriet, ander oesreste of selfs fluitjiesriet sal daarvoor deug.

# DRYVELD 46

## 'N WINTERLEK WAT WERK!

Dryveld 46 is 'n melasse-gebaseerde proteïenaanvulling op droëveld vir verhoogde ruvoerinname sodat jou beeste beter presteer. Gemeng met graan, kan Dryveld 46 ook as produksielek aangewend word.

- Verhoog ruvoerinname vir verbeterde prestasie van beeste.
- Lei tot verhoogde konsepsie en kalf-persentasies.
- Beperk massaverlies in die winter.
- Is geskik as onderhoudslek vir droë en lakterende diere.
- Voorkom droë galsiek.

ONS BELOFTE AAN JOU






DROË WEIDING OPLOSSING

Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste, kontak:
**RCL FOODS:** www.rclfoods.com
**MOLATEK:** +27(0)13 791-1036 | www.molatek.co.za | molatek@rclfoods.com
Dryveld 46 Reg. Nr. (V20820) (Wet 36 van 1947)

RCL FOODS

MOLATEK
Samewerking lei tot prestasie



# **Bestuur** jou kernkudde só

Groepeer kuddes volgens ouderdom en produksiestatus. Bepaal die dragtigheid van vroulike diere so gou moontlik ná die dektyd. Bulle moet nie langer as einde Februarie by die koeie loop nie. By skape en bokke kan ooie geskandeer word om meerlingstatus te bepaal sodat hul rantsoene (veral hoeveelhede gevoer) daarvoor aangepas kan word.

Let op die reproduksierekord en speengewig van vroulike diere se nageslag. In elke ouderdomsgroep is daar minder produktiewe diere wat beslis uitgeskot kan word.

Benewens dragtigheid moet die toestand van die teeldiere se tande ook bepaal word, veral by ouer koeie en ooie. Dragtige koeie moet minstens nog ná die volgende kalftyd en speentyd van die kalf nog goed kan wei. Slytbekke kan wel hul produksietyd in krale voltooi, maar dit sal teen 'n prys (voer benodig) geskied.

Stel 'n inventaris van beskikbare veld en ander voerbronne op en bepaal gereeld hoeveel diere aangehou kan word tot ná die begin van die volgende somer.

Beperk jou verliese. Verdere uitgawes moet teen die verwagte inkomste op kort tot medium termyn verdiskonteer word.

Waak daarteen om jonger teeldiere te verkoop omdat hulle nou in 'n goeie kondisie en dragtig is en jy 'n premieprys kan beding.

Kry jou veearts se raad om die doseer- en inentingsprogram aan te pas.

# Algemene wenke

Boere se omstandighede verskil. Raadpleeg 'n kundige met raad oor strategiese beplanning. Indien daar min weiding op die veld is, sal lekke ook nie meer help nie. Dikwels word te groot hoeveelhede aanvullende voeding – dit is afgesien van rantsoene – in sulke toestande op die veld gegee. Oordeel vroegtydig wanneer om diere van die veld te verwyder en strategies in kleiner kampies te voer.

Op padreserwes is dalk nog plantmateriaal om te sny en te baal. Tydens droogtes kan boere nie té kieskeurig wees oor die gehalte van voerbronne wat 'n verskil tussen lewe en dood vir diere kan beteken nie. Indien laegraadse ruvoer, soos veldgrashooi, oesreste of turksvyblare, beskikbaar is, kan dierevoedingkundiges dit as vertrekpunt gebruik om 'n rantsoen te formuleer wat in diere se minimum behoeftes kan voorsien.

Die vertrekpunt vir herkouers is groot hoeveelhede ruvoer, hetsy op die veld of in die krip. Grofgemaalde ruvoer is ekonomieser as die ongemaalde vorm. Verhoog die energie-inhoud met 'n geskikte voerbron, soos gemaalde mielies, en balanseer dit met 'n geskikte ruproteïenbron.

Balanseer die inname van minerale volgens diere se behoefte. Beperk die daaglikse inname van sout (NaCl) by skape van 5 g tot 10 g en by beeste van 50 g tot 60 g. Volgens De Waal moet boere hul vee eerder ná ligte reënbuie in krale versorg totdat die karige groen opslag ná die droogte herstel het. Blaarryke graspolle is baie skaars op sulke veld.

"Vee verspil energie om groen grasbotsels na te loop en die inname van sappige materiaal met 'n hoë waterinhoud maak die diere se pense los met tipiese nat mis. Die vinniger deurvloei van klein hoeveelhede sappige plantmateriaal deur die dermkanaal is in sulke toestande nadelig vir herkouers."

Hy sê voerkorrels is 'n goeie, hoewel betreklik duur voerbron. Wanneer sulke voerkorrels voluit gevoer word, is dit meestal 'n volledige rantsoen. Wanneer duur voerkorrels as 'n aanvullende voerbron in droogtes gebruik word, moet die vee gerantsoeneer word.

"Onthou, die goeie ruvoer word in die fabriek betreklik fyn gemaal om die voerkorrels te vorm. Die fyner ruvoer beteken diere hoef minder te herkou en gevolglik is die spoed waarteen die voerkorrels deur die grootpens en dermkanaal beweeg, aansienlik vinniger. Die gevolg is dat die benutting van die voer ook ondoeltreffender is omdat die vesel korter aan vertering – fermentasie deur mikrobes in die grootpens – blootgestel word."



# Wenke vir voer met turksvye

Moenie die beeste injaag in die turksvyboorde nie. Die beeste saai taamlik verwoesting aan die plante. Snoei liewer self die turksvyblare en kerf dit in repe vir die beeste. Fyn dorings maak nie saak nie. Dit is nie harder as sommige van die bossies waaraan die beeste vreet nie. Die skape kan wel in die boorde gejaag word om die vrugte wat droog geword en afgeval het, te vreet. As jy die vrugte verpulp, moenie enige water bysit nie. Voer die pulp net so skoon.

Jonger blare het 'n hoër proteïenwaarde as ouer blare.

Hierdie artikel het verskyn op www.netwerk24.com/landbou/kundiges/vraag/Droogtewenke-Rek-so-jou-weiding-20190206

---






**As wêreldklas spesialiste in en verskaffers van anorganiese voerfosfate, aanvullings, konsentrate en voedingsgebalanseerde veevoer, streef Yara daarna om deur plaaslike kennis, internasionale kundigheid en deurlopende tegniese advies, kwaliteit en produktiwiteit, die voorste verskaffer van volhoubare gewasvoeding- en veevoeroplossings te wees wat die winsgewendheid van produsente ondersteun.**

Met 'n toenemend groeiende wêreldbevolking, bly ons verantwoordelikheid om die wêreld te voed en die planeet te beskerm, ten spyte van ekonomiese hindernisse, beperkte bewerkbare grond en skaars hulpbronne.

Om sterk verhoudings met ons kliënte te smee, om in mekaar te belê en vertroue op te bou, lei tot volgehoue sakesukses, want ons glo … deur saam te werk, kan ons 'n werklike verskil maak.

**Tel:** +27 (0)31 910-5100 ▪ **E-pos:** animal.nutrition.sa@yara.com

**www.yara.co.za/animal-nutrition/**

Yara Animal Nutrition (Edms) Bpk. Reg. No. 2001/025850/07

uppe marketing A19494/DPS

VAN DIE NU-PRO GROUP BAIE GELUK

VKB GROUP / GROEP




**Na 10 jaar** van 'n baie suksesvolle vennootskap met VKB is dit tyd om te groet. Die Nu-Pro Groep wil aan VKB en spesifiek vir Mnr. Koos Van Rensburg baie dankie sê vir die afgelope 10 jaar en sy uitsonderlike leierskap en besigheidsverhouding wat ons het. Ons wil hiermee VKB baie geluk wens met hul 100ste bestaansjaar en ook by voorbaat gelukwens en sterkte toewens vir die volgende eeu.

Die Nu-Pro Groep gaan homself toespits op Landbou verwante sagte kommoditeite op 'n nasionale vlak asook Vervoer, Shell Produkte ens.

Besoek ons by **www.nupro.co.za** of skakel kantoor by **058 – 050 0990.**

nu-pro FoRex | nu-pro COMMODITIES | NPC logistics | Leeukop lubricants

# Die effek van die droë toestande op dieresiektes

deur Jan du Preez, besturende direkteur: Instituut van Lewendehawe Tegnologie




▲ 1: Die voorkoms van lamsiekte (botulisme)-vergiftiging by beeste kan vermeerder tydens droogtetye. Foto: OVI




▲ 2: Mastitis is wêreldwyd die belangrikste siekte by melkbeeste. Gewoonlik verlaag die voorkoms van mastitis in droë tye by melkbeeste.




▲ 3: Die voorkoms van perdesiekte is minder in droë tye. Foto: OVI

Die effek en voorkoms van sekere belangrike dieresiektes gedurende droë toestande word kortliks bespreek. Dit is belangrik om die holistiese omstandighede en uitwerking van droë toestande op dieresiektes met jou veearts te bespreek.

Abnormale langdurige droë toestande kan die voorkoms van sekere dieresiektes verminder soos insekgedraagde virussiektes (byvoorbeeld drie-dae-stywesiekte by beeste; bloutong by skape, bokke en beeste; slenkdalkoors by skape en beeste; knopvelsiekte by beeste en perdesiekte).
Bosluisoordraagbare siektes soos rooiwater (babesiose), bosluisoorgedraagde galsiekte (anaplasmose) en hartwater se voorkoms kan ook verminder in droë toestande. Die voorkoms van vrotpootjie by vee asook mastitis by melkbeeste toon meestal 'n afname in droë toestande.
By voerkrale sal daar gewoonlik 'n afname wees in van die bogenoemde beessiektes – en veral vrotpootjie. Gedurende droë toestande is die reënval baie minder en die gevolg daarvan is dat die voorkoms van bosluise en insekte wat siektes oordra, baie minder is. Siekteveroorsakende mikroörganismes (byvoorbeeld bakterieë) se voorkoms en verspreiding is ook minder in droë toestande.

## Voorkoms van siektes in droë toestande

Drie-dae-stywesiekte het 'n seisoenale voorkoms. Dit kom veral gedurende die somer (veral die tweede helfte van die somer) en herfs (Maart tot Mei) voor. Gevalle is al aangeteken waar dit gedurende die winter voorgekom het.
Uitbreke van drie-dae-stywesiekte kom gewoonlik met goeie, bogemiddelde reënval voor. Indien die reënval swak is, word gewoonlik net sporadiese gevalle van drie-dae-stywesiekte gesien. Die siekte verdwyn gewoonlik ná die eerste ryp. Hoe en waar die virus oorwinter, is nog nie volledig nagevors nie.
Bloutong is seisoensgebonde en kom in die middelsomer en -herfs voor totdat die eerste ryp val. Die bloutongvirus oorwinter veral in beeste. Inheemse skaaprasse soos die Namakwa-Afrikaner, swartkoppersie en die karakoel, is minder vatbaar vir bloutong. Europese skaaprasse soos die merino is weer baie vatbaar.
Warm en vogtige weersomstandighede bevorder die uitbroei van die *Culicoides*-muggies (wat die bloutongvirus oordra) in hulle natuurlike blyplek (habitat) – veral laagliggende gebiede soos vleie, om panne, damme en riviere.
Skape wat in sulke gebiede wei, se risiko om bloutong te kry, is baie groot. In sekere dele in Suid-Afrika waar strawwe ryp voorkom, verdwyn bloutong tussen Junie en Desember.
In langdurige droë tye is daar gewoonlik 'n afname in die voorkoms van bloutong.
Knopvelsiekte kom gewoonlik gedurende nat somer- en herfsmaande voor, by veral diere wat in laagliggende en waterryke gebiede wei, maar uitbreke kan ook gedurende 'n droë seisoen voorkom. Gewoonlik is daar 'n afname in die voorkoms van knopvelsiekte in droë tye.
Slenkdalkoors kom gewoonlik in die laatsomer voor as dit warm is en die lugvogtigheid hoog is as gevolg van baie reën. Die muskiete wat slenkdalkoors oordra, broei dan goed uit. Diere wat in die somer in laagliggende dele by panne, vleie en damme wei, loop die grootste risiko om slenkdalkoors te kry, want muskiete is baie aktief in daardie gebiede.
Hartwater kom heeljaar voor. Die voorkoms wissel na gelang van die bosluisbevolking en hulle aktiwiteit en is gevolglik minder straf in die droër wintermaande. Die verskuiwing van diere wat besmette bosluise dra na of deur gebiede wat vry van hartwater is, kan tot verliese onder vatbare vee lei, indien hulle besmet raak deur bosluise wat van die diere afgeval het. Die bosluise oorleef egter selde langer as een seisoen in 'n gebied waar die klimaat nie vir hulle geskik is nie. Erge droogte verminder gewoonlik die voorkoms van dié siekte.
Rooiwater het dikwels 'n duidelike seisoenale voorkoms en uitbreke kom meer dikwels gedurende die nat somer- en herfsmaande voor. Met erge droogtes verlaag die voorkoms van die siekte gewoonlik.
Die *Culicoides*-muggie dra die virus wat perdesiekte veroorsaak, oor. Die siekte kom hoofsaaklik in die laat nat somer en herfs voor wanneer muggies volop is. Warm, vogtige klimaatstoestande begunstig die uitbroei van die insekte wat skemeraande en snags aktief is en in groot getalle in laagliggende dele in vleie en rondom panne en damme waargeneem word.
Gedurende die droër winter, vernaamlik in gebiede waar strawwe koue en ryp voorkom, verdwyn die muggies en gevolglik kom gevalle van perdesiekte nie voor nie, totdat klimaatstoestande wat dit begunstig, die volgende somer weer intree.
Anaplasmose toon gewoonlik 'n sterk seisoenale voorkoms en uitbreke van die siekte kom meer dikwels tydens die warmer nat somer- en herfsmaande voor. Die hoër voorkoms van die siekte hou verband met die hoër voorkoms en aktiwiteit van bosluise en bloedsuiende vlieë gedurende hierdie tydperk. Klimaat, veral reënval en bosluisbeheermaatreëls (soos dip) sal dus ook 'n invloed op die voorkoms van anaplasmose in 'n gebied se beeskuddes hê.
In langdurige droë toestande is daar gewoonlik 'n afname in

die kwaliteit (byvoorbeeld voedingswaarde) en volume van gras en ander ruvoer (en soms kragvoer) wat die dier se immuniteit en kondisie ernstig benadeel. Hoewel baie van die siektetoestande, soos reeds genoem, baie minder is in droë toestande, is die probleem dat die kos of voer wat die diere kry, te min is en die kwaliteit daarvan swak is. Dit kan nadelige gevolge vir die dier hê.

## Lamsiekte

Die voorkoms van lamsiekte (botulisme)-vergiftiging by beeste en skape kan vermeerder tydens droogtetye.

Gedurende droogtes verminder ou grasweiding se fosfaatinhoud en kan tot só 'n mate afneem dat beeste wat daarop wei, pika (dringende lus om aan bene te kou, beenhonger of osteofagie) ontwikkel indien die tekort nie met fosfaat in 'n lek of in die water aangevul word nie.

'n Tekort aan fosfaat by diere word gekenmerk deur swak groei, algemene swakheid van die bene, 'n stywe gang en pika.

Sulke diere kou en lek ou bene van verrotte karkasmateriaal van enige diere wat alreeds gevrek het. Indien hierdie bene of karkasse met die *Clostriduim botulinum*-bakterieë se botulismegifstof (senuweegifstof/neurotoksien) besmet is en gesonde diere dit deur die bek inneem, ontwikkel hulle lamsiekte.

Die bakterieë kan ook in ontbinde organiese plantmateriaal (byvoorbeeld lusern) hulle gifstof produseer. Botulismegifstof is een van die giftigste en mees dodelike organiese gifstowwe, indien nie dié giftigste op aarde nie.

Lamsiekte kan doeltreffend deur jaarlikse inenting voorkom en beheer word – dit is die veeprodusent se versekeringspolis teen die siekte. Indien hoendermis in die droogte aan













▲ **4: Afhangende van watter bestuurstelsel die melkprodusent het, kan melkbeeste se kondisie goed wees gedurende droë tye.** Foto: T. Botha

◄ **5: Hierdie uiters swak kondisie van die vermaerde bees is as gevolg van ouderdom en nie die heersende droogte nie.**

▲ **6: Bloubosluise op 'n bees. Hierdie bosluise dra die rooiwater en bosluisgedraagde galsiekte parasiete oor. Met erge droogtes verlaag die voorkoms van hierdie siektes gewoonlik.**

◄ **7: Gewoonlik is daar 'n afname in die voorkoms van knopvelsiekte in droë tye.**

▲ **8: Droogte is die oorsaak dat hierdie beeste so vermaer het.**

◄ **9: Gedurende droë tye kan plantvergiftiging (byvoorbeeld gifblaar) baie vrektes veroorsaak as daar nie goeie bestuur op die plaas is nie.** Foto: OVI


VEELS GELUK AAN VKB MET JUL 100-JARIGE FEESVIERINGE

Mag julle in die toekoms verder van krag tot krag gaan.
Ons is trots daarop om meer as 50 jaar al met VKB verbind te kon wees.

VOERMOL

Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien

Meer as 50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

www.voermol.co.za

Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Maidstone, 4380.

Vir meer inligting skakel 032 439 5599 of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za

beeste gevoer word, moet diere verseker teen lamsiekte ingeënt word, want die botulismegifstof kan ook daarin voorkom.

Raadpleeg jou veearts oor die voorkoming van lamsiekte en moontlike ander siektes wat veral in droogtetye kan voorkom. Die verskuiwing van diere wat nie teen hartwater geïmmuniseer is nie na hartwatergebiede weens 'n tekort aan weiding, kan erge vrektes veroorsaak. Dieselfde beginsel geld vir rooiwater en bosluisoorgedraagde galsiekte.

## Ander aspekte van belang in droë tye

- Die reproduksie van koeie gedurende veral langdurige droë tye, is baie swak en het 'n negatiewe ekonomiese effek. Baie minder koeie raak beset (dragtig) in droë tye. Die kalfpersentasie neem af en die tussenkalfperiode neem toe.
- Melkproduksie van koeie neem af. Dit veroorsaak dat die kalwers minder melk kry, swak groei en hulle kondisie is gewoonlik nie goed nie.
- Afhangende van hoe lank die droogtetoestand duur, is die seisoene ná die droogte baie keer onbevredigend met swakkere ekonomiese voorspellings. In die somerreënvalgebied wat 'n droë tyd beleef, sal die volgende winter moeilik wees.
- Gedurende droë tye kan plantvergiftiging (byvoorbeeld gifblaar) baie vrektes veroorsaak as daar nie goeie bestuur op die plaas is nie. Raadpleeg jou veearts oor vergiftigings in droë tye.
- Droë galsiekte (nie anaplasmose nie) kan 'n probleem wees in droë tye. Raadpleeg jou veearts.
- In melkerye kan die voorkoms van mastitis afneem in droë tye indien die kuddebestuur goed is.
- In melkerye en voerkrale kan die voorkoms van vrotpootjie afneem met goeie bestuur.
- Indien maer, uitgeteerde beeste in langdurige droë tye gaan lê en nie meer kan opstaan nie, is die prognose vir só 'n dier om te oorleef, baie swak. Raadpleeg jou veearts oor die voeding en goeie versorging van só 'n dier.
- Verseker dat die diere in droë, warm tye (hoë temperature) vrye toegang tot skoon drinkwater het.
- Produsente wat met lewendehawe boer, moet verseker dat hulle diere se jaarlikse inentings en immuniserings op datum is ten spyte van die droogte.







▲ 10: Gewoonlik verlaag die voorkoms van vrotpootjie gedurende droë tye.

▲ 11: Drie-dae-stywesiekte kom normaalweg met goeie, bogemiddelde reënval voor.

**Hierdie artikel het verskyn op die webblad www.grainsa.co.za.**





DEKALB PLANT JOU SUKSES

**DEKALB®** saad bied die genetika en innovasie vir jou oes terwyl jy kan staatmaak op al die ondersteuning en kundige advies wat jy benodig. Maak staat op **DEKALB®** – die innovasieleier.

Acceleron SEED APPLIED SOLUTIONS
YieldGard® MAIZE 2
Roundup Ready® MAIZE 2

**DEKALB®, Acceleron®, Roundup Ready® MAIZE 2** en **YieldGard® MAIZE 2** is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

www.dekalb.co.za | DEKALB South Africa
DEKALB SA | dekalbsa | @DEKALB_SA

uppe marketing A19672

TLC Pet Nutrition™

# Farm dog™

Adult Maintenance

vkb

VKB LANDBOU BPK




V20053 V23672 V26752 V20847 V28678

# Buy any Farm Dog or TLC product and stand a chance to WIN your share of R10 000 in VKB vouchers

| | |
|---|---|
| First place | R5000 VKB Voucher |
| Second place | R3000 VKB Voucher |
| Third place | R2000 VKB Voucher |

## COMPETITION RULES

1. Place your till slip, complete with your contact details into the entry bin provided.
2. Competition ends 15 May 2019
3. Winners will be chosen by random lucky draw.
4. Winners will be contacted by the 25th of May
5. Prizes cannot be exchanged for cash
6. No employees of VKB or Bhenyati Promotions may enter

PROUD MEMBER OF THE PET FOOD INDUSTRY ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA



# Hoe moet boere begrafnisse op plase hanteer?

## 1. Agtergrond

Suid-Afrikaanse boere het hul eie familielede tradisioneel op plase begrawe en plaaswerkers en hul gesinne is ook dikwels op die plaas begrawe. Daar bestaan sterk kulturele en godsdienstige redes waarom mense graag naby hul families en voorvaders begrawe wil wees.

Tye het egter verander en die praktyk om mense in familiebegraafplasies op die plaas te begrawe het tot 'n groot mate in onbruik verval. Vir veral swart mense is daar egter steeds sterk kulturele en finansiële redes om hul geliefdes op die plaas waar hulle gewoon en waar hul voorvaders in sommige gevalle ter ruste gelê is, te begrawe.

In die Afrika-kultuur is dit baie belangrik dat 'n persoon met die regte begrafnisseremonies ("burial rites") begrawe word. As dit nie gedoen word nie, word geglo dat die persoon se status in die hiernamaals aangetas word en selfs dat hulle gestraf mag word deur die voorvaders in die hiernamaals. So 'n persoon mag ook terugkom en by die lewendes kom "spook".

Hierdie begrafnisrites kan redelik lank neem en kan dinge insluit soos 'n nagwaak, die slag van 'n bees en in sommige gevalle die terugbring huis toe na 'n tyd van 'n bietjie van die grond uit die graf ("home-bringing ritual").

Vanweë sekuriteits-, produksie- en internasionale fitosanitêre standaarde het dit problematies geraak om begrafnisse op plase toe te laat. Daar is ook grondeienaars wat vrees dat begrafnisse op plase kan lei tot latere grondeise teen sodanige plaas. Hierdie vrees is misplaas, aangesien die afsnydatums vir beide restitusie- en huurarbeidereise lank reeds verby is.

## 2. Wetgewing oor begrafnisse op plase

Die wet (Wet op die Uitbreiding van Sekerheid op Verblyfreg, no. 62 van 1997) het aanvanklik nie voorsiening gemaak vir begrafnisse op plase nie, wel vir die besoek van bestaande familiegrafte. In 2002 is die wet gewysig om wel onder sekere omstandighede voorsiening te maak vir 'n reg om op 'n plaas begrawe te word. Dit is naamlik waar die oorledene 'n langtermyn-okkupeerder was of waar die persoon ten tye van sy of haar dood 'n okkupeerder op die plaas was en daar 'n bestaande gebruik met betrekking tot begrafnisse op die betrokke plaas is.

Onder sulke omstandighede is die grondeienaar verplig om die begrafnis toe te laat, hoewel hy/sy redelike voorwaardes mag stel vir sodanige begrafnis. Dit staan 'n grondeienaar vry om begrafnisse toe te laat selfs waar die wet dit nie vereis nie, maar dan is dit sy of haar keuse.

Grafte en begrafnisse word binne stedelike gebied gereguleer deur munisipale regulasies wat kan verskil van een munisipaliteit tot 'n volgende. Die bepalings van die Verblyfregwet moet saamgelees word met enige munisipale verordening oor begrafnisse waar dit op plaasgrond van toepassing is.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat, in terme van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, no. 51 van 1992, geen liggaam begrawe mag word voordat 'n begrafnisbevel deur die polisie of departement van binnelandse sake uitgereik is nie.

Die vraag word dikwels gevra of 'n persoon wat elders gewoon het en wie se familie nog op die plaas woon, die reg het om daar begrawe te word. Die wet vereis dat 'n persoon ten tye van sy of haar dood op die plaas woonagtig moes gewees het om te kwalifiseer om daar begrawe te word. Dieselfde geld vir die uitgebreide familie van okkupeerders.

## 3. Regspraak

Die belangrikste hofuitspraak oor begrafnisse op plase is die Appèlhofuitspraak in die saak van M Dhlamini en 'n ander v PJ Joosten en andere wat op 30 November 2005 gelewer is. In die uitspraak het die appèlhof 'n bevinding van die Grondeisehof dat die Dhlamini-familie nie hul vrou en moeder op die plaas van mnr. Joosten kon begrawe nie, omvergewerp. Die oorledene was reeds op 'n ander plek begrawe, maar haar familie wou haar liggaam laat

opgrawe en op die plaas begrawe. Die vorige eienaar van die plaas het oor tyd toegelaat dat mense op die plaas begrawe word en die huidige eienaars het ook by geleentheid toestemming verleen dat lede van families wat op die plaas gewoon het, daar begrawe word.

In 2002 het die grondeienaar die okkupeerders op die plaas meegedeel dat daar nie verdere begrafnisse op die plaas toegelaat sou word nie. Die oorledene het ten tye van haar dood op die naburige plaas, wat aan die respondent se broer behoort, gewoon. Die plase het aparte titelaktes gehad, maar is as 'n eenheid geboer en die oorledene het wel vroeër jare op die respondent se plaas gewoon. In dié verband het die hof bevind: "The burial right in s 6(2)(dA) of the Act is an incidence of the right of residence contained in s 6(1), which creates a real right in land. Such a right is in principle registerable in a Deeds Registry because it constitutes a 'burden on the land' by reducing the owner's right of ownership of the land and binds successors in title. The burial right is in the nature of a personal servitude which the occupier has over the property on which he possesses a real right of residence at death of a family member who at the time of death was residing on the land. These rights are claimable against the owners of registered land only. And the only objective determination of the extent of the land which has been registered by an owner is by reference to its cadastral description. It follows that the court a quo was correct in its view that Bockenhoud and Sandspruit are separate pieces of 'land' for the purposes of the Act. Accordingly the appellants have not established a right to bury the deceased on Bockenhoud."

Die hof bevind dat die oorledene wel op die broer se plaas, waar hulle gewoon het, begrawe mag word. Die hof beslis verder dat 'n eienaar nie eensydiglik 'n gevestigde praktyk van begrafnisse kan stop nie.

Die regters het die volgende hieroor te sê: "As mentioned earlier, the Act grants to an occupier a real right in land that belongs to another person. And the right of an occupier to bury a deceased family member on such land is an incidence of this right. The withdrawal of consent by an owner for an occupier to bury a deceased family member is therefore an unlawful deprivation of this right."

'n Ander belangrike uitspraak is dié van NJ Thwala v Greyling en Umfoyo (Edms.) Bpk., wat in 2009 deur die grondeisehof beslis is. Dit was 'n dringende aansoek om 'n begrafnis en 'n nagwaak op 'n plaas in Wakkerstroom toe te laat. Die oorledene was die seun van 'n okkupeerder wat op die plaas Geluk gewoon het. Die seun was op Wakkerstoom op skool en het slegs naweke op die plaas oorgebly. Die hof moes beslis of die oorledene ten tye van sy dood op die plaas woonagtig was.

In dié verband bevind die regter: "It is not necessary to be physically present at the residence all day each day to be residing in the particular premises. The location of the persons belongings, where their social engagements occur, frequency of visits or absences are all indicative of whether a person is residing in a particular property." Die hof bevind dat hy wel op die plaas woonagtig was, al het hy net naweke daarheen gekom en dat sy familie 'n reg het om hom daar te begrawe.

## 4. Problematiek

Konflik rondom begrafnisse en die besoek van grafte op plase spruit voort uit 'n paar redes:

- Gebrek aan inligting oor bepalings van die wetgewing;
- vrese oor die verband tussen grafte en grondeise;
- sekuriteitsoorwegings;
- kultuurverskille (insluitend godsdienstige en geloofsredes;
- gebrekkige kommunikasie tussen die grondeienaar en die persone wat wil begrawe of grafte wil besoek; en
- 'n gebrek aan duidelike reëls oor toegang, getalle, duur van seremonies, ensovoorts.

## 5. Aanbevelings:

Aan grondeienaars:

- Elke boerevereniging behoort hulself te vergewis van die geldende munisipale verordeninge oor begrafnisse vir hul gebied.
- Wetsbepalings oor watter okkupeerders die reg het om op plase waar hulle gewoon het, begrawe te word, moet weer duidelik gekommunikeer word.
- Grondeienaars moet vasstel of daar wel op hul grond oor tyd 'n "bestaande praktyk" van begrafnisse gevestig is.
- Tydige kommunikasie met die familie van die afgestorwene is kritiek.
- Duidelike toegangs- en ander reëlings moet in plek wees, byvoorbeeld inligting oor hoe lank voor die tyd 'n grondeienaar gekontak behoort te word, wanneer en langs watter toegangsroetes die plaas betree mag word, hoeveel mense die begrafnis sal bywoon, hoe lank die seremonies sal duur, waar die oorledene begrawe sal word, ensovoorts. Al hierdie reëlings moet billik wees en verkieslik onderhandel en op skrif gestel word.

## Aan okkupeerders wat wil begrawe of grafte wil besoek:

- Maak so gou moontlik kontak met die grondeienaar of persoon in beheer en bespreek die saak.
- Maak seker daar is wel 'n gevestigde gebruik om mense op die plaas te begrawe en dat die persoon ten tye van sy of haar dood wel 'n okkupeerder was of dat dit 'n langtermyn-okkupeerder was (ouer as 60 jaar en langer as tien jaar woonagtig op die plaas).
- Wees bewus van die feit dat 'n eienaar volgens die wet billike vereistes mag stel soos waar die persoon begrawe sal word, watter toegangsroetes gevolg sal word, hoeveel mense min of meer mag bywoon, ensovoorts.
- Wees bewus daarvan dat daar in die betrokke gebied ook munisipale wette mag wees wat bepaal hoe en waar begrafnisse moet geskied.
- Sorg dat die persoon se dood behoorlik volgens die wet aangemeld is.

Hierdie artikel is gepubliseer deur Agri Wes-Kaap en verskyn op die webblad www.growinggreatness.co.za.



# Só kan jy jouself gesond hou

Dit is veel makliker om onsself gesond te hou as wat dit is om gesond te word as jy eers siek is. Boonop is dit ook veel makliker om gesond te bly as wat 'n mens dink. Deur net 'n paar basiese gewoontes aan te leer en op 'n paar gevare bedag te wees, is gesond wees en 'n algeheel gesonde leefstyl glad nie so moeilik soos wat party mense dit laat klink nie.

Volgens 'n artikel op die webblad **www.jw.org** is daar hierdie vyf basiese goed wat jy daagliks moet doen om jou teen siektes te beskerm. Dit klink dalk alles soos ou nuus, maar tog is dit nodig dat 'n mens van tyd tot tyd herinner word aan dit wat ons van kleins af aangesê is om te doen.

## 1. Handhaaf goeie higiëne

Handewas is volgens die Mayo Clinic "een van die beste maniere om te voorkom dat jy siek word en dat siekte versprei". Een van die maklikste maniere om verkoue of griep te kry, is om jou neus of jou oë te vryf as jou hande met kieme besmet is. Jou beste verdediging teen sulke besmetting is om jou hande gereeld te was.

Goeie higiëne kan ook die verspreiding van ernstiger siektes voorkom, soos longontsteking en diarreale siektes, wat elke jaar die lewe eis van meer as tweemiljoen kinders onder die ouderdom van vyf. Selfs die verspreiding van die dodelike siekte ebola kan beperk word deur die eenvoudige gewoonte om hande te was.

Daar is sekere tye wanneer dit veral belangrik is om jou hande te was om jou gesondheid en dié van ander te beskerm. Jy moet jou hande was:

- nadat jy die toilet gebruik het;
- nadat jy 'n kind se doek omgeruil het of 'n kind gehelp het om die toilet te gebruik;
- voor- en nadat jy 'n wond of 'n sny behandel het;
- voor- en nadat jy 'n siek persoon besoek het;
- voordat jy kos voorberei, bedien of eet;
- nadat jy genies, gehoes of jou neus gesnuit het;
- nadat jy aan 'n dier of 'n dier se ontlasting geraak het; en
- nadat jy vullis hanteer het.

En moenie net aanneem dat jy jou hande behoorlik was nie. Studies het getoon dat baie mense nie hul hande was nadat hulle 'n openbare toilet gebruik het nie of dit nie behoorlik was nie.

**Hoe behoort jy jou hande te was?**

- Maak jou hande nat in skoon, lopende water en smeer seep aan.
- Vryf jou hande totdat skuim vorm en moenie vergeet om jou naels, jou duime, die agterkant van jou hande en tussen jou vingers skoon te maak nie.
- Vryf jou hande ten minste 20 sekondes lank.
- Spoel dit in skoon, lopende water af.
- Maak dit met 'n skoon handdoek of papierhanddoek droog.

Sulke maatreëls is eenvoudig, maar kan siekte voorkom en lewens red.

## 2. Gebruik skoon water

Om genoeg skoon water vir jou gesin te kry, is in party lande 'n daaglikse taak. Maar toegang tot skoon water kan in enige deel van die wêreld 'n probleem word wanneer die gewone watertoevoer wat normaalweg veilig is om te drink, besoedel word as gevolg van 'n oorstroming, 'n storm, 'n gebarste pyp of iets anders. As water nie van 'n veilige bron af kom of reg geberg word nie, kan dit parasietbesmetting veroorsaak, asook cholera, lewensgevaarlike diarree, ingewandskoors, hepatitis en ander infeksies.

Onveilige drinkwater is een van die oorsake van ongeveer 1,7 miljard gevalle van diarreale siektes per jaar.

Cholera word in die meeste gevalle veroorsaak wanneer mense water of kos inneem wat besmet is met ontlasting van mense wat die siekte het. Wat kan jy doen, selfs onmiddellik ná 'n ramp, om te verseker dat jy nie besoedelde water inneem nie?

- Verseker dat al jou drinkwater – insluitende die water waarmee jy tande borsel, ys maak, voedsel en skottelgoed was of kook – van 'n veilige bron af kom, soos munisipale water wat voldoende gesuiwer is of verseëlde bottels water van 'n maatskappy met 'n goeie naam.
- As daar 'n moontlikheid bestaan dat jou kraanwater besmet is, moet jy jou water kook of dit met die gepaste chemikalieë behandel voordat jy dit gebruik.
- As jy chemikalieë gebruik, soos chloor of watersuiweringstablette, moet jy die vervaardiger se instruksies sorgvuldig volg.
- Gebruik waterfilters van 'n goeie gehalte, as dit beskikbaar en bekostigbaar is.
- As geen watersuiweringsmiddels beskikbaar is nie, kan jy gewone bleikmiddel gebruik. Voeg twee druppels bleikmiddel vir elke liter water by, meng goed en laat die water dan 30 minute lank staan voordat jy dit gebruik.
- Hou gesuiwerde water altyd in skoon, bedekte houers om te verhoed dat dit weer besmet word.
- Maak seker dat enige voorwerp wat jy gebruik om water uit hierdie houers te skep, soos 'n beker, skoon is.
- Maak seker dat jou hande skoon is wanneer jy waterhouers hanteer, en moenie jou hande of vingers in die drinkwater sit nie.

## 3. Let op wat jy eet

Dit is nie moontlik om goeie gesondheid te geniet sonder goeie voeding nie, en goeie voeding behels 'n gesonde, gebalanseerde dieet. Jy moet dalk let op hoeveel sout, vet en suiker jy inneem, en jy moet jou nie ooreet nie. Sluit vrugte en groente by jou dieet in, en eet 'n verskeidenheid voedselsoorte.

As jy die inligting op die verpakking lees, sal dit jou help om volgraanprodukte te kies wanneer jy brood, ontbytgraan, pasta of rys koop. Dit is ryker aan voedingstowwe en vesel as produkte wat van verfynde graan gemaak is.

Wat proteïene betref, moet jy klein porsies vleis en hoender eet, en probeer om 'n paar keer per week vis te eet, as dit moontlik is. In party lande is dit ook moontlik om proteïenryke voedselsoorte te kry wat van plante afkomstig is.

As jy te veel suiker en hardevet eet, loop jy die risiko dat jy oorgewig sal word. Om hierdie risiko te verminder, moet jy eerder water as koeldrank drink. Eet eerder vrugte as nageregte wat baie suiker bevat. Beperk jou inname van die soort hardevet wat in kosse soos wors, vleis, botter, koek, kaas en koekies voorkom. Dit is beter om gesonder olies eerder as hardevet te gebruik wanneer jy kook.

Te veel sout kan veroorsaak dat jou bloeddruk te hoog word. As jy hierdie probleem het, moet jy die inligting op die verpakking van produkte lees om te verseker dat jy nie te veel sout inneem nie. Gebruik kruie en speserye eerder as sout om jou disse te geur.

Hoeveel jy eet, kan net so belangrik wees soos wát jy eet. Geniet dus jou kos, maar moenie aanhou eet wanneer jy nie meer honger is nie.

Nog iets wat met voeding verband hou, is die gevaar van voedselvergiftiging. Enige kos kan jou vergiftig as dit nie reg voorberei of geberg word nie. Talle mense raak elke jaar siek as gevolg van voedselvergiftiging. Die meeste herstel sonder enige blywende negatiewe gevolge, maar party gaan daarvan dood. Wat kan jy doen om die gevaar te verminder?

- Groente en vrugte moet altyd deeglik gewas word voordat dit voorberei word as gevolg van bemesting- en besproeiingsprodukte en ook gewone omgewingsvuil wat op die gewasse kan wees.
- Was jou hande, snyplank, kombuisgereedskap, bakke en werksoppervlak met warm, seperige water voordat jy kos voorberei.
- Maak altyd 'n oppervlak of bord deeglik skoon waarop daar rou eiers, hoender, vleis of vis was voordat jy ander voedsel daarop sit. Dit sal verhoed dat een voedselitem deur 'n ander besmet word.
- Wanneer jy kos gaarmaak, maak seker dat dit die regte temperatuur bereik. Sit enige bederfbare items wat nie onmiddellik geëet gaan word nie, so gou moontlik in die yskas.
- Gooi enige bederfbare items weg wat meer as twee uur lank by kamertemperatuur gelaat is of meer as een uur lank by 'n lugtemperatuur van meer as 32 grade Celsius gelaat is.

## 4. Bly aktief

Ongeag hou oud jy is, jy het gereelde oefening nodig om gesond te bly. Vandag oefen baie mense nie genoeg nie. Waarom is oefening belangrik? Om aktief te bly, kan jou help om:

- goed te slaap;
- jou beweeglikheid te behou;
- sterk bene en spiere te hê;
- 'n gesonde gewig te bereik of dit te handhaaf;
- die risiko te verminder dat jy depressie sal kry; en
- die gevaar van vroegtydige dood te verminder.

**As jy nié aktief bly nie, is die gevaar groter dat jy:**

- aan hartsiekte sal ly;
- tipe 2-diabetes sal ontwikkel;
- hoë bloeddruk sal ontwikkel;
- hoë cholesterolvlakke sal ontwikkel; of
- 'n beroerte sal kry.

Die soort oefening wat reg is vir jou, hang af van jou ouderdom en gesondheid. Daarom is dit verstandig om 'n dokter te raadpleeg voordat jy met enige nuwe oefenprogram begin. Volgens verskeie aanbevelings moet kinders en adolessente ten minste 60 minute matige tot strawwe oefening per dag kry. Volwassenes moet 150 minute matige oefening of 75 minute strawwe oefening per week kry.

Kies iets wat vir jou pret is. Dit kan basketbal, tennis, sokker, vinnige stap, fietsry, tuinmaak, houtkap, swem, kanovaart, draf of ander aërobiese oefening insluit.

Hoe sal jy weet of 'n aktiwiteit matige of strawwe oefening is? 'n Algemene riglyn is dat matige oefening jou laat sweet, maar dat strawwe oefening dit vir jou moeilik maak om 'n gesprek te voer terwyl jy dit doen.

## 5. Kry genoeg slaap

Die hoeveelheid slaap wat 'n mens nodig het, verskil van persoon tot persoon. Die meeste pasgebore babas slaap 16 tot 18 uur per dag, kleuters ongeveer 14 uur en voorskoolse kinders omtrent 11 of 12 uur. Skoolgaande kinders het ten minste tien uur slaap nodig, adolessente dalk nege of tien uur en volwassenes sewe tot agt uur.

Om die regte hoeveelheid rus te kry moenie as opsioneel beskou word nie. Volgens deskundiges is genoeg slaap belangrik:

- vir die groei en ontwikkeling van kinders en tieners;
- om nuwe inligting te leer en te onthou;
- om die regte hormoonbalans te handhaaf wat 'n uitwerking op jou metabolisme en gewig het;
- vir die gesondheid van jou hart en bloedvatstelsel; en
- om te voorkom dat jy siek word.

Te min slaap word verbind met vetsug, depressie, hartsiekte, diabetes en tragiese ongelukke. Dit gee ons beslis goeie rede om genoeg rus te probeer kry.

Maar wat kan jy doen as jy besef dat jy te min slaap kry?

- Probeer om elke dag op dieselfde tyd te gaan slaap en op te staan.
- Sorg dat jou slaapkamer stil, donker, ontspannend en nie te warm of te koud is nie.
- Moenie TV kyk of elektroniese toestelle gebruik terwyl jy in die bed is nie.
- Sorg dat jou bed so gemaklik as moontlik is.
- Moenie 'n groot maaltyd eet of kafeïen of alkohol drink voordat jy gaan slaap nie.

As jy al hierdie wenke toegepas het en nog steeds ly aan slapeloosheid of 'n ander slaapversteuring – soos om uitermate lomerig te voel gedurende die dag of na jou asem te snak terwyl jy slaap – sal dit verstandig wees om 'n professionele gesondheidswerker te raadpleeg.




# The Master Lock Company

## Property. People. Life.

## MASTER KEYED PADLOCKS FOR CONVENIENT SECURITY & ACCESS CONTROL

Effective key control has a positive effect on the bottom line by curbing losses incurred by unauthorised access or use of equipment and materials etc. A little known benefit about Master padlocks is that they are available in Keyed Alike or Master Keyed systems. The benefits are that you no longer need to carry a bunch of keys and can gain access to your whole property with the use of a single key. This unique feature allows you to apportion responsibility for a section of that system to a particular person by giving them a Sub-master Key. A typical example of this would be as follows:




**KD Keyed Different** – One key opens one padlock

**MK Master Keyed** – One key opens all padlocks across several groups KD or KA

**KA Keyed Alike** – One key opens all locks within the same grroup

**GMK Grand Master Keyed** – One key opens all padlocks across several groups KD, KA or MK.

### Farm owner has a grand master key.

This key allows access to any area on the farm.

### Mechanical foreman has a sub-master key.

This key allows access to the vehicle shed and planting equipment shed as well as the diesel tanks but no access anywhere else as he may have no business there.

### Livestock foreman has a sub-master key.

This key only allows access into the stables, milking shed, cow pens, feed stores and the relevant pastures.

### Planting foreman has a sub-master key.

This key only allows access to seed store's and the relevant crops in the fields.



Individual padlock keys can also be distributed further down the chain to staff such as herdsmen etc. Effective control can be maintained over the respective staff and areas under their supervision. Additional padlocks and or keys can be ordered by the registered owner at any time. Master Lock offer recoreable padlocks that offer the ability of changing a key rather than the entire lock at a fraction of the price should a staff member be dismissed or lose a key.

The recoreable padlocks are made from hardened laminated steel plates, which are far superior to brass padlocks in strength and prevent the theft of brass padlocks for their scrap value. Also available in different colours for easy identification.

1 **Entry Level Security:** BRASS PADLOCK
2 **Medium Security:** EXCELL PADLOCK
3 **High Security:** PRO SERIES PADLOCK




LIFETIME GUARANTEE

**For more information on Master Lock Master Keyed systems please contact your local VKB or NTK store or Master Lock direct on 021 508-1250**

# VKB en verskaffers span saam om **rekordbedrag** vir VL se veiligheid te skenk

Die geld wat ingesamel is, is nie uit landbouers vir landbouers nie. Dit is uit die ondersteunende industrie ter wille van landbouers se veiligheid. So sê Koos Janse van Rensburg, besturende direkteur van die VKB-groep, oor die rekordbedrag wat op 11 April 2019 vir Vrystaat Landbou (VL) se veiligheid ingesamel het.

Volgens hom vat VKB, wat ook sy 100ste bestaansjaar vier, met sy Plaasveiligheid-gholfdag in Clarens "hande met sy verskaffers" om produsente te ondersteun.

"Dit is 'n groot voorreg om deel te wees hiervan," sê Gerhard Kriel, hoof uitvoerende beampte van VL. "Maar wat nog groter is, is om die harte van die mense te sien vir veiligheid en georganiseerde landbou. Ons wil altyd daarop voortbou."

Janse van Rensburg en sy span hou die laaste ses jaar die gholfdag waar hy geld vir die VKB VL Veiligheidslessenaar insamel en het 'n allemintinge R755 000 aan VL oorhandig. Dié VKB-bydrae is dus R145 000 meer as in 2018. Altesaam 39 spanne het aan die gholfdag deelgeneem en meegeding om pryse ter waarde van sowat R90 000.

## Funksie van lessenaar

Volgens dr. Jane Buys, veiligheidsrisiko-analis van VL, het die VKB VL Veiligheidslessenaar 'n tweeledige doel. "Eerstens is dit om interne veiligheidstrukture op grondvlak te bemagtig en uit te brei om voorkomend misdaad en veiligheid aan te spreek," sê sy. Die ander funksie is ekstern om skakeling met alle rolspelers, waarvan die Suid-Afrikaanse Polisiediens die hoofrolspeler is, binne die landelike beveiligingstrategie uit te brei.

Deur die lessenaar word daar onder meer gehelp om plaasaanvalle te voorkom, dit samel belangrike inligting in om misdaad te bekamp en opleidingsessies word aan VL se lede aangebied.



VKB het 'n rekordbedrag by sy sesde Plaasveiligheid-gholfdag in Clarens ingesamel en aan die VKB VL Veiligheidslessenaar geskenk. Van links is Francois Wilken, president van Vrystaat Landbou (VL), Jakkals le Roux, voorsitter van die Landelike Veiligheidskomitee by VL, dr. Jane Buys, Veiligheidsrisiko-analis van VL, Gerhard Kriel, hoof uitvoerende beampte van VL, en Koos Janse van Rensburg, besturende direkteur van die VKB-groep. Foto: Vrystaat Landbou

**VKB hou die laaste ses jaar die gholfdag waar hy geld vir die VKB VL Veiligheidslessenaar insamel en het 'n allemintinge R755 000 aan VL oorhandig. Dié VKB-bydrae is dus R145 000 meer as in 2018. Altesaam 39 spanne het aan die gholfdag deelgeneem en meegeding om pryse ter waarde van sowat R90 000.**



vkb

**Dryf vir plaasveiligheid borge-gholfdag**

www.vkb.co.za | www.vrystaatlandbou.co.za

**ten bate van**
**Vrystaat Landbou Veiligheidsfonds**

## Afhanklik van landbouers

"Vrystaat Landbou is baie dankbaar dat ons hierdie goeie verhouding met VKB kan hê," sê Kriel.

Volgens Janse van Rensburg is die gholfdag een wat VKB na aan die hart lê. "Ons voortbestaan is afhanklik van die produsente – ons landbouers in die gebiede wat ons bedien. En uit daardie oogpunt is hul veiligheid vir ons kardinaal belangrik. Sonder hulle het ons nie 'n industrie nie en sonder hulle het ons nie 'n besigheid nie."

Hy het groot verskaffers, Total, Standard Bank, BCX en Nashua uitgesonder. Hulle het 'n reusebydrae gemaak om 'n groot bedrag aan VL te oorhandig.

Oresti Christodoulou, algemene handelsbestuurder by Total Suid-Afrika, sê veiligheid is een van Total se belangrikste waardes. "Die veiligheid van landbouers is noodsaaklik om die volhoubaarheid van die bedryf te verseker. Daarom ondersteun ons alle inisiatiewe wat die veiligheid in hierdie land bevorder en ook die veiligheid van landbouers."

Volgens Danie Retief, streeks-landboubestuurder in die Vrystaat en Noord-Kaap by Standard Bank, is voedselsekuriteit belangrik vir verbruikers en die Suid-Afrikaanse ekonomie. Daarom moet landbouers voedsel in 'n veilige omgewing kan produseer.

"Met dit in gedagte is dit vir Standard Bank van Suid-Afrika belangrik dat produsente in 'n veilige finansiële en fisieke omgewing hulle bedryf beoefen en wil die bank 'n positiewe bydrae maak. Ons glo 'n land wat vir sy landbouers sorg, sorg vir sy toekoms."



# Dankie aan al ons borge!

# 100 2019 JAAR
## van LIEFDE vir die LAND
# *Feesvieringe*
















vkb
100 JAAR


vkb








Happy 100th Birthday!
vkb 100 YEARS


vir die LIEFDE van die LAND












100th Birthday!
vkb 100 YEARS











## NuPro en Triple V smelt saam

Soos onlangs bekend gemaak is, het VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. die oorblywende 50%-aandele in Nu-Pro Voere/Feeds (Edms.) Bpk. bekom en is dit nou 'n filiaal wat ten volle deur VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. besit word. Op 1 April is die naam Nu-Pro Voere/Feeds (Edms.) Bpk. verander na QPro Feeds (Edms.) Bpk. en die besigheid van TripleV Animal Feeds (Edms.) Bpk. smelt nou daarmee saam in die nuutgestigde QPro Feeds (Edms.) Bpk.
Alle besigheid en werksaamhede van beide die entiteite Nu-Pro en TripleV word dus voortaan onder die naam QPro Feeds (Edms.) Bpk. bedryf.

## VKB bring struktuurwysiging aan

VKB het besluit om die bestuurstruktuur te wysig om in die toekoms eerder 'n funksionele skeiding as 'n geografiese skeiding op uitvoerendedirekteursvlak te bewerkstellig.
Die doel van die verandering is om ons besigheid te belyn om 'n soomlose nasionale besigheid te word en spesialisasie op bestuursvlak te bewerkstellig.
Die struktuurverandering het die volgende praktiese implikasies en verantwoordelikhede is as volg toegeken:

- Francois Swanepoel se verantwoordelikheid in die toekoms behels die handelstakke, Insetvoorsiening en Finansiering vir beide Vrystaat en Limpopo. Addisioneel hiertoe word Multigreen sy verantwoordelikheid indien die Mededingingsraad die transaksie goedkeur.
- Francois Froneman se toekomstige verantwoordelikhede behels Graan, Meganisasie en Versekering vir die totale VKB Groep. Ons pakmateriaalfabrieke soos Crown Bag en Farm Pack word ook sy verantwoordelikheid.
- Francois Loots sal in beheer wees van kleinhandel in Limpopo en al die 24-uur-vulstasies.
- Hannes de Jager neem beheer van kleinhandel in die Vrystaat, insluitende brandstof by die takke.
- Maggie Loots word oorhoofs oor albei DC's ontplooi.

Die bogenoemde veranderings impliseer dat Francois Froneman terugverhuis na Reitz en Francois Loots sy nuwe verantwoordelikheid in Limpopo aanvaar. Die beplande datum vir implimentering is 1 Julie 2019, maar die onderskeie persone sal intussen met mekaar saamwerk om 'n gladde oorgang te bewerkstellig.
Dit is egter noodsaaklik om te noem dat bogenoemde struktuurwysiging slegs funksionele veranderings is en geen werksbedreiging inhou vir die Limpopo-personeel nie. Niemand hoef gevolglik bekommerd te wees oor poste wat verminder word weens rasionalisasie nie en personeel kan rustig voortgaan met hulle dag tot dag bedrywighede.

## VKB Skoleweek in Vrede

Die negende VKB Skoleweek het vanaf 18 tot 20 Maart op Vrede plaasgevind. 12 spanne – die meeste spanne sedert die toernooi in 2010 afgeskop het – het deelgeneem.
Die Hoërskool Vrede is jaarliks die gasheer van die toernooi. Elke span het drie wedstryde gespeel.
Die spanne wat deelgeneem het, is:

o.15: Hoërskool Vaalpark
Hoërskool Heilbron
Hoërskool Wolmaransstad
Hoërskool Vrede
Hoërskool Newcastle
Hoërskool Zastron

o.16: Hoërskool Vrede
Hoërskool Newcastle
Hoërskool Wolmaransstad
Hoërskool Hennenman
Hoërskool Harrismith
Hoërskool President Steyn, Bloemfontein

Die o.15-wenspan van die toernooi was die Hoërskool Wolmaransstad.
Die o.16-kampioene van die toernooi was die Hoërskool Vrede.
Calla Cilliers van die Hoërskool Vrede was aangewys as die speler van die toernooi. Die voorspeler van die week is Khulani Mlambo van die Hoërskool Newcastle en die agterspeler van die week is Tiaan Malan van die Hoërskool Vrede.
Die week is baie goed bygewoon deur die ouers en almal het die gasvryheid van Vrede baie geniet.




## Landbouweekblad-konferensie

*Landbouweekblad* het onlangs verskeie boere en kundiges bymekaar gekry om hul kennis van en ervaring met herlewingslandbou te bespreek. Drie herlewingslandboukonferensies is onderskeidelik op Reitz, Ottosdal en Joostenbergvlakte buite Kaapstad aangebied met die samewerking van verskeie organisasies en borge.
Op 11 en 12 Maart was Reitz die gasheer van die konferensie. Die Riemland-studiegroep en Graan SA het saam met *Landbouweekblad* wêreldbekende sprekers, kenners en van die beste plaaslike boere op dié dorp verwelkom.
Die tema van vanjaar se konferensie, "Laat die natuur vir jou geld maak", het die kollig geplaas op herlewingslandbou met 'n spesifieke fokus op lande soos Suid-Afrika, die VSA, Brasilië, Zambië en Argentinië.
Die konferensie is geborg deur VKB, Standard Bank, Dekalb en Elim Kunsmis.






Standard Bank | vkb | PIONEER | ATKV KLEIN-KARIBA | TOTAL | ATKV DRAKENSVILLE | weekblad Landbou




VAN ONS ALMAL BY:

Efekto®

GARDEN & HOME PEST CONTROL

Wonder™

For the love of gardening

Klantediens tel.: 086 133 3586 | info@efekto.co.za | www.efekto.co.za

## Agrinet gee erkenning aan presteerders

Agrinet is steeds een van die grootste verskaffers van produkte aan NTK. Agrinet het ook groot waardering vir NTK se besigheid en bewys dit op vele maniere soos betrokkenheid by skoue, boeredae en gholfdae maar ook die jaarlikse toekenning van pryse aan takke wat gedurende die jaar presteer het.
Tydens die laaste handelsvergadering van 2018 was Agrinet verteenwoordig deur Yolandi Brits, die uitvoerende hoofbetuurder, Marius Loubser, die uitvoerende kommersiële bestuurder, en Danie Marais, 'n senior verteenwoordiger. Hulle het die volgende toekennings uitgedeel:

Tak van die Jaar: Algemene ware:
1ste: Warmbad
2de: Pietersburg
3de: Alldays

Besproeiing-tak van die Jaar:
1ste: Tomburke
2de: Pietersburg
3de: Tzaneen

Agrinet-handelsmerke:
1ste: Messina
2de: Tomburke
3de: Nylstroom

Tak van die Jaar:
1ste: Pietersburg
2de: Warmbad
3de: Tomburke

Agrinet se slagspreuk vir 2019 is "Leading the Way". Saam gaan hierdie twee organisasies die pas aangee in 2019.








## Velde van der Merwe – Garakuwa-bakkery



Met 22 jaar in die bakbedryf is Velde van der Merwe die ideale persoon om as verkoopsbestuurder van Garankuwa en Polokwane bakkerye 'n verskil te maak. Hy is baie positief oor die toekoms van die bakkerye en veral oor Garankuwa wat met 'n bietjie aandag groot hoogtes kan bereik.

## Nuwe winkel open deure in Warmbad

Warmbad-handelstak sukkel al vir vele jare met vloerspasie om in al hul kliënte se behoeftes te voorsien. Daar is al verskeie planne gemaak, en weliswaar met groot sukses, maar steeds was dit nie genoeg nie. Daarom het bestuur gespring toe die geleentheid hom voordoen om die winkel reg langs die handelstak te koop. Hoewel beide winkels die basiese produkte verkoop, spesialiseer die een nou in landbouprodukte terwyl die ander hoofsaaklik buitelewetoerusting en kruideniersware verkoop. Eie produkte soos hoender en meel asook witgoedere (yskaste, stowe, ens.) word ook in die oorspronklike winkel verkoop. Tydens die amptelike opening van die pragtige nuwe winkel het Francois Froneman vir Fanie Lombaard en sy span bedank vir hul gesindheid en harde werk onder die bekwame leiding van Wynand Benadie. Francois het dit as 'n voorreg beskryf om die breër gemeenskap van Bela Bela te bedien en personeel gevra om met entoesiasme 'n verskil te maak in elke dorpenaar, vakansieganger en boer se lewe.



Wynand Benadie, Fanie Lombaard en Francois Froneman open die nuwe winkel in Bela Bela.



Meganisasie het hulle handel-kollegas ondersteun.



Die Warmbad-span is positief oor 2019!

## Graan byeen vir inligting en erkenning

Die Graan-afdeling van Limpopo was einde 2018 byeen om inligting rakende nuwe rapporteringslyne te hoor asook om erkenning te gee aan silo's en persone wat gedurende 2018 uitsonderlik presteer het.
Toekennings is deur Francois Froneman en Gert de Bruin gemaak in die volgende kategorieë:



Beste vordering teenoor die vorige jaar; positiewe verandering, vooruitgang, nuwe besigheid, pro-aktief:
**Wenner: Potgietersrus (bestuurder Vincent Gowne)**
Ander genomineerde: Warmbad



Persoon – Innoverend, inisiatief, buite die boks, nie bang vir mislukking, neem aksie:
**Wenner: Dirk Sauer**
Ander genomineerde: Jandré Potgieter



Persoon – Spanspeler, mentor, staan in vir ander, leierseienskappe):
**Wenner: Herman Smit**
Ander genomineerdes: JP Badenhorst en De Wet du Plessis



Presteer op alle gebiede: finansieel, huishouding, kliëntediens, voorkoms en personeel):
**Wenner: Settlers (bestuurder: Charl le Roux)**
Ander genomineerde: Lehau

## Nardus Buys neem leisels van Letsitele oor



Die boere van Letsitele kan maar weet: die nuwe takbestuurder op Letsitele, Nardus Buys, se wagwoord is diens! Hy gaan seker maak dat klante net die beste diens kry. Nardus en Rachel het in Desember by die Letsitele-span aangesluit met groot planne in die mou.

## Adriaan van der Colff versterk die Warmbad-span



Die positiewe energie wat die assistent-bestuurder van Warmbad-tak, Adriaan van der Colff, uitstuur, is aanvoelbaar en aansteeklik. Hy was net betyds om handjie by te sit met die laaste stuiptrekking van die voorbereiding van die nuwe winkel. Hoewel die "ou" winkel sy hooffokus is, bring hy sy kant waar nodig.

## Warmbad-wenners

Die opening van die nuwe winkel in Warmbad is groot nuus en die vieringe het oor etlike dae plaasgevind. Daar was gelukkige trekkings wat die publiek opgewonde gehad het. Hierdie tak doen nie dinge halfmas nie, hulle gaan voluit!



Hassane Maluleka was die gelukkige wenner van die Speroni Jetsmart-drukpomp. Wimpie Duursema het dit aan hom oorhandig.



Phillip von Wieligh het 'n Defy-yskas tydens 'n trekking gewen. Hier wens Adriaan van der Colff hom geluk.

100 2019 JAAR van LIEFDE vir die LAND

# vkb Transmissie

Alles wat draai, het ons 'n oplossing voor!

## 1. Bearings



Volle reeks Timkin bearings -A reeks
Volledige reeks bearings -B reeks

## 2. Kettings



## 3. Seëls



## 4. Filters



Baldwin is een van die grootste filter vervaarders in die VSA.

## 5. V-Bande



## 6. PTO's



## 7. Besproeiing Valley Onderdele




## 8. Elektriese Kabels & Motors



- Bespaar tot 20% op vervangende John Deere filters
- Diens "Filter Kits" op Toyota D4D reeks
- Vervangende bearings op stropers, trekkers en alle plaas implemente

NSR NUPOWER TIMKEN

31 Steyn Street, Reitz
058 863 8352

www.vkb.co.za

vir die LIEFDE van die LAND




**Baie geluk aan VKB met 100 suksesvolle jare as insetverskaffer aan die boeregemeenskap**

Sasol Chemicals, A division of Sasol South Africa Ltd

www.sasol.com

sasol


TOTAL AGRI
Ons verstaan landbou omdat ons groei verstaan
In ’n verhouding wat oor ’n halfeeu strek, het Total ’n deeglike begrip van die landbousektor opgebou. ’n Begrip wat ons inspireer om beter, meer kliëntgesentreerde oplossings te ontwikkel terwyl ons voortgaan om ons boere te ondersteun met die innoverende produkte en kundige advies wat hulle nodig het.
TOTAL
Committed to Better Energy
LEOCPT/ 322L/A